basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**2018**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en 5 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Voorgeskrewe gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "staat" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Sonsverduistering" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Die huis luister" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. "Een sprong vir …" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 5 "eerste worp" | Opstelvraag | 10 | 10 |
| 6 "besoekersboek" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| 7 " 'n vigslyer sterf" | Kontekstuele vraag | 10 | 12 |
| 8 "Vincent van Gogh" | Kontekstuele vraag | 10 | 13 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 9. "woorde" | Kontekstuele vraag | 10 | 14 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 10. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 11. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 12. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 13. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 14. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 20 |
| 15. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 20 |
| 16. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 17. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 18. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 19. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |
| 20. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 27 |
| 21. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 27 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–8 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 9 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 10–17 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 18–21 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**staat – Niel van Tonder**

jare nou al
sit roerloos wit
'n krap in 'n gaterige wal

roer 'n steeltjiesoog
met tye
waaksaam omhoog

niemand sal ooit
met sekerheid kan sê
of 'n droë dood ook in hom lê

maar wanneer en hóé
het die swart mierbataljon
dié parate pantser binnegekom?

[Bron: *As Hy weer kom*, 1975]

Dié gedig maak van beeldspraak én stylfigure gebruik om die boodskap – dat 'n staat wat selftevrede is tot niet sal gaan – oor te dra.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Sonsverduistering – PJ Philander**

Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
van skadu en verklein die sekelboog
van son tot dreigend swart die kol daar hoog
'n koue vreemde skemerte laat trek
wyd oor die vlakte waarvandaan, swygsaam,
'n vaal streep donkies met die kortste pad
oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
Oor gans die mensdom hang 'n skaduwee
wat alle lig van God en Christus so
verduister dat Sy pad onsigbaar is.
En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
het nie 'n skaap se voorgevoel of glo
dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Bron: *Uurglas,* 1955]

2.1 Gee die woord in versreël 1 wat by die titel aansluit. (1)

2.2. Watter woord dui daarop dat die sonsverduistering stadig plaasvind? (1)

2.3 Benoem die stylfiguur in versreël 8 en haal 'n woord uit versreëls 1 tot 4 aan wat daarmee kontrasteer. (2)

2.4 Hoekom is die omkering van die woordorde (inversie) in versreël 9 gepas? (1)

2.5 Gee TWEE verskille tussen die skape (versreël 8) en die mensdom (versreëls 9 tot 14). (2)

2.6 Gee die tema van die gedig. Stem jy saam dat dié tema in 2018 steeds aktueel én universeel geldig is? Motiveer jou antwoord ten opsigte van ELKE aspek afsonderlik. (3)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die huis luister – Daniel Hugo**

my kamers is hol soos 'n binne-oor
ek hoor hoe die bewoners roesemoes
liefde maak, verwyt, mekaar vertroos, skoor
soek met die goor hede, nooit tevrede
aanhou kibbel oor kon en sou en moes

luister, ek bewaar julle verlede
my fondamente kraak onder die las
my plafonne raak voos van die eggo's
te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
jare se trane laat my rame roes

so word ons saam verweer deur dit wat was
my dakplate en julle gebede
fluister en knal al hoe harder om hulp
ongehoord in elke nag se oorskulp

[Bron: *Dooiemansdeur*, 1991]

3.1 Wie is aan die woord in die gedig? (1)

3.2 Watter woord in versreëls 1 tot 3 sluit by "luister" in die titel aan? (1)

3.3 Benoem die stylfiguur in versreël 5. Wat is die funksie hiervan? (2)

3.4 Is daar genoeg rede om die bewoners aan te spreek oor hulle taalgebruik? Gee TWEE redes vir jou antwoord. Gee 'n bewys uit die gedig dat die bewoners hulle nie aan die spreker steur nie. (3)

3.5 Benoem die halfrym/klankeffek in versreël 9 en sê watter funksie dit hier verrig. (2)

3.6 Watter gevoel kom in die slotstrofe van die gedig voor? (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Een sprong vir … – Joan Hambidge**

Jy wil weet
waarom herstel ek nie –
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en à la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant 'n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis …) op die klein silw'rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto's vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

[Bron: *Kriptonemie*, 1989]

4.1 Watter woord in die gedigtitel dui op die afstand tussen die geliefdes? (1)

4.2 Wat is die geïmpliseerde betekenis van versreëls 3 tot 4? (1)

4.3 Benoem die klankeffek/halfrym in versreël 8. In watter opsig ondersteun dié klankeffek/halfrym die spreker se gemoedstoestand in versreëls 8 tot 10? (2)

4.4 Benoem die stylfiguur in versreël 8 en verduidelik wat dit beteken. (2)

4.5 Gee die funksie van die herhaling in versreël 10. (1)

4.6 In al vier strofes word na die "maan" verwys.

Dink jy die spreker se siening van die "maan" het, binne konteks van die gedig, verander? Gee TWEE redes vir jou antwoord. Dui ook aan hoe die tipografie van die gedig by "maan" aansluit. (3)

**[10]**

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**eerste worp – TT Cloete**

ons het nie ou katedrale en kastele nie,
geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie.
die min wolke wat ons het, is yl versprei.
ons het nie groot metropole nie.
ons is sonder groot donkergroen woude.
dun is ons geskiedenis met min groot name

soos beethoven of dante
of rembrandt of bramante

ons het min onwerklike sagte drome

maar ons het uitgestrekte woestyne
en krom grys bome wat houtbeen vasskop
in die droë sand en koets teen die son

ons het baie droë lope
en oerrivierbeddings met ou inheemse name
soos gourits en storievertelname soos skrij
of kameelsleep en lijersdraai

en baie reste naby aan die eerste worp

by wêreldseinde in die suisende stil nag
hoor jy die jakkalse se fossielskreeu
iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag

[Bron: *Uit die hoek van my oog,* 1988]

Die tema van hierdie gedig handel oor opvallende verskille tussen Suid-Afrika en Europa.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? Waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
Sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Bron: *Skimmelig*, 1978]

6.1 By watter woord in versreël 1 en 2 sluit "íngekrap" aan? (1)

6.2 Waarom krap mense hulle name ín? Slaag hulle in hul doel? Motiveer jou antwoord. (2)

6.3 Skryf net allitererende woorde in versreël 11 en 12 neer. Gee die funksie van dié halfrym/klankeffek. (2)

6.4 Haal die oksimoron wat in versreël 13 en 14 voorkom, aan. (1)

6.5 Wat noem ons 'n strofe wat uit twee versreëls bestaan? Dink jy dit is gepas dat die gedig met 'n koeplet eindig? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

6.6 Herlees die woorde ná die dubbelpunt in versreël 14.

Wat is die verband tussen die titel en dié woorde? (1)
**[10]**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

die takelwerk word afgetakel
stadig sien sy geliefdes hom inplof
die bekende vlees na binne stort
hulle sien hom steeds stof word

iets wil huil oor die bros vel
wat soos dun seil oor brose stokke lê
oor die mond wat iets wil sê

die gewig van lug
is vir die hand te swaar
die lyf
nou klein en seer
het byna alles reeds verleer

net die oë bly groter staar
soek na raad teen al die skade
na die genade van sag gaan
na verstaan

[Bron: *Poësiepalet,* 2007]

7.1 Skryf die woord in die titel neer wat by "takelwerk" in reël 1 aansluit. (1)

7.2 Benoem die beeldspraak in versreël 5 en 6 en gee die betekenis van die beeld wat geskep is in jou eie woorde. (2)

7.3 Waarom is die gebruik van slegs twee woorde in versreël 10 funksioneel? (1)

7.4 Wat suggereer die spreker met versreël 13? (1)

7.5 Haal die eufemisme in versreël 15 aan. Dink jy die gebruik van dié stylfiguur is gepas? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

7.6 Skryf versreël 15 en 16 oor en onderstreep die assonerende klanke. Wat word in dié reëls met dié assonansie bereik? (2)

**[10]**

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vincent van Gogh – DJ Opperman**

Jy het as 'n miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
in agterbuurte en op landerye; slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

[Bron: *Heilige beeste,* 1937]

8.1 Wie is die aangesprokene in die gedig? (1)

8.2 Dink jy die tipografiese skeiding van "miskende" en "heilige" is funksioneel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

8.3 Na wie se ellende word in versreël 2 verwys? Waarom was die geveg teen die ellende "vergeefs"? (2)

8.4 Watter woord dui die wending in die gedig aan? In watter TWEE opsigte sluit die inhoud by dié wending aan? (3)

8.5 Watter stemming heers in versreëls 7 tot 14? (1)

8.6 Benoem die beeldspraak wat in versreël 13 en 14 voorkom. (1)
**[10]**

**EN**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**woorde – Vincent Oliphant**

my woorde het nie die krag
om bose magte tot 'n val te bring nie
my woorde kan bloot sing

my woorde is nie 'n dak
om onder te skuil nie
my woorde is swak

my woorde kan nie keer
dat ons die kromme note haal nie
my woorde is kaal

glo tog
my woorde het nie die byt
van koeëls en grofgeskut nie
nee
my woorde kan bloot bid
en pleit
en wens
medeburgers van die lewe
dat ons van grense sal vergeet
en bloot mens sal wees
en medemens

[Bron: *Die sagte vlees*, 1998]

**LET WEL:** Die spreekwoord in versreël 8 beteken: met alle mag of besonder hard werk [Bron: *HAT*]. Hier beteken dit dus dat 'n probleem net met moeite opgelos kan word.

9.1 Gee die woord waarmee die spreker sy/haar persoonlike betrokkenheid by die inhoud aandui. Watter retoriese middel gebruik die spreker om dié betrokkenheid in die gedig te beklemtoon? (2)

9.2 In watter opsig stem versreël 3, 6 en 9 inhoudelik ooreen? (1)

9.3 Die spreker maak gebruik van eenvoudige taal sonder onnodige beskrywings.

Haal 'n versreël aan waarmee die spreker dit aandui. Op watter wyse sluit die tipografie van die gedig by hierdie taalgebruik aan? (2)

9.4 Wat sal gebeur indien die spreker se woorde "die byt van koeëls en grofgeskut" verkry? (1)

9.5 Is die alleenplasing van "nee" in versreël 13 funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

9.6 Die spreker gebruik woorde om te "bid", "pleit" en "wens" in versreëls 14 tot 20.

Noem TWEE aspekte wat die spreker met sy/haar woorde wil bereik. Dink jy die versugting oor die gebruik van "woorde" is aktueel? Motiveer jou antwoord. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 10: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Die milieu in Suid-Afrika, Frankryk én Amerika beïnvloed Iris.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 11: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Ná die slapie was almal knorrig. My teorie was dat die suurstof in die huis begin min raak het, maar ek het geen ondersteuning gekry nie, veral nie van die mans wat my daarop gewys het dat meer as genoeg suurstof deur die balke ingelaat word. Dit, op sy beurt, het Bettie genoop om te kla dat dit verklaar waarom sy so koud om die blaaie gevoel het. Die kinders was die enigste wat vrolik was. Hulle het selfs aangebied om die tafel te dek en het elke klapper geskud, probeer inkyk wat binne-in is en daarvolgens besluit wie kry watter een. Ek het hulle gewys hoe om die servette in waaiers te vou, 'n truuk wat ek by Elsa geleer het. (Elsa het nooit net 'n tafel gedek nie; sy het altyd 'n kleurskema, 'n tema en iets pikants of ongewoons as versiering. Soos die keer toe sy by 'n visete 'n kunstige versameling skulpe op 'n silwer bordjie gerangskik het en een van die skulpe begin wegloop en 'n slymspoor oor die gestyfde tafeldoek gelaat het. Dit was Hannes se skuld, het sy gesê. Die idee was dat hy leë slakskulpe uit die tuin bymekaar moes maak. Johanna het gelag soos 'n heks toe ek haar ná die tyd daarvan vertel het.)

Ons het verder gebou aan die legkaart. Brian het aan die lug gearbei omdat dit sy spesialiteit was. Tussendeur het hy ons vertel van sy bekwame broers.

11.1 In watter ruimte speel TEKS A af? Waarom bevind Iris haar in hierdie spesifieke ruimte? (2)

11.2 Volgens reël 4 "kla" Bettie. Noem 'n ander eienskap van Bettie soos die leser haar in die roman leer ken. (1)

11.3 Wie dra in die spesifieke ruimte van TEKS A by tot Iris se veranderde siening van die huwelik? Sê wat Iris se veranderde siening is. (2)

11.4 Wat is die verwantskap tussen Iris en Elsa? Noem TWEE invloede wat Elsa op Iris se lewe het. (3)

11.5 Herlees reëls 10 tot 14.

Gee TWEE redes waarom Iris en Johanna dié insident so geniet. In watter opsig verskil dié insident met die slakke van Elsa se karakter soos wat sy dit in die roman openbaar? (3)

11.6 Hoekom speel Johanna so 'n belangrike rol in Iris se lewe? Gee TWEE voorbeelde van Johanna se rol uit die roman om jou antwoord te ondersteun. (3)

**EN**

**TEKS B**

"Dink jy so?" Dit was 'n fassinerende gedagte. Sou ek ook op mense se vensterbanke rondsit en advies aanbied of weier? Sou ek ook saam met my toegewysde persoon in vliegtuie vlieg, in vreemde wêreldstede rondloop sonder om eers my roksoom vuil te maak? "Maar jy is nie altyd by nie," het ek hom herinner. "Ek hoop ten minste nie so nie. Dit sou pervers wees as jy altyd op my vensterbank na my sit en loer." 'n Ander gedagte het my getref. "Dink jy ek blom dalk eers ná ek dood is? Gaan my bloeityd eers kom as ek my sigbaarheid verloor het?"

"Party mense blom ongesiens," het hy gesê. "So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie."

"Soos Ma se lelie."

"Iets in dier voege, ja."

Net Polder Twee het opgetree soos hy moes. Sy lewe het jaar na jaar onveranderd voortgegaan. Hy het nie skielik kleintjies gekry of 'n dramatiese persoonlikheidsverandering ondergaan nie. As hy lui was, het hy geslaap en wanneer hy honger was, het hy geëet. Hy het smiddae saam met my gaan stap en uit die pad gebly wanneer Elsa en haar kroos kom kuier het. Hy was net 'n hond.

My nuwejaarsvoorneme, nadat my enkel weer aangegroei en albei voete weer na voor gewys het, was om my aanstaande skoonfamilie te leer ken. Ma het ook gedink dit was wys. Elsa het haar mooi hande (dit was voor die drieling) teen haar voorkop gedruk en my sterkte toegewens.

11.7 Watter gebeure gee aanleiding tot Iris se vraag in reël 1? (1)

11.8 Wie is die verteller in reëls 1 tot 6? Dink jy dis effektief dat dié persoon hier aan die woord is? Motiveer jou antwoord. (2)

11.9 In watter opsig sluit reëls 6 tot 9 by die tema van die verhaal aan? Dink jy Iris kom tot insig oor haar blomtyd? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (4)

11.10 Reël 18 verwys na Iris se "aanstaande skoonfamilie".

Gee TWEE redes waarom die verhouding tussen Iris en haar aanstaande skoonpa ongemaklik is. (2)

11.11 Herlees reël 8 en 9 van TEKS B en reëls 8 tot 12 van TEKS A.

Is hierdie woorde in TEKS B van toepassing op Elsa? Motiveer jou antwoord én haal EEN sin uit TEKS A aan wat jou antwoord ondersteun. (2)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Die milieu op Sable Ranch én op Manaka beïnvloed Baas.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Twee jaar ná sy aankoms op die kontinent vestig Dennis Chipman hom op die wal van die Zambezi tussen die mense van die Lozi-stam in Barotseland, die westelike provinsie van die huidige Zambië. Hy vang nie 'n enkele skoenlapper nie, en gaan nooit terug na sy land van herkoms nie.

Onder die Malozi staan hy bloot as Baas bekend. Hy en Brindle, later ook hy en die basterafstammelinge van die oorspronklike Brindle – altyd met 'n Brindle as tropleier – word legendariese buffeljagters. Hy kap die trofeë aan die stamme van die reuse-oewerbome om sy kamp vas en dit besorg aan sy blyplek die naam Manaka, wat Plek van die Horings beteken.

Met die jare kry hy langs sy hut 'n skooltjie aan die gang waar hy 'n klompie Malozi-kinders onder 'n worsboom met die vinger in die sand leer skryf en somme maak. Hulle leer ook lees en Engelse kerkliedjies sing – die enigste liedjies wat hy uit sy kinderjare onthou. Sy Sakbybeltjie staan in vir die leeswerk. Sondae word die ruwe kiaathoutbankies onder die worsboom die kinders en sommige ouers se kerk. Hy noem dit Manaka Evangelical Mission. Een van sy gemeentelede is indoena Sitali Mulambwa, die stamhoof van die Senanga-gebied.

'n Passie om die noordelike wildernisgebiede van Afrika toegankliker te maak, dryf Dennis Chipman. Eendag, glo hy, sal hy 'n boot hê om mense en goedere op die Zambezi te vervoer.

Die middele om sy boot mee te bou, beplan hy om uit ivoorhandel te verdien, ook uit ruilhandel met buffelvleis. Maar sy droom word nooit waar nie.

13.1 Wie het Dennis Chipman na Suid-Afrika gestuur? (1)

13.2 Gee DRIE redes waarom Dennis Chipman nooit 'n "enkele skoenlapper" vang nie. Hoe wil Baas, die agterkleinseun, sy oupagrootjie se "skoenlapper" simbolies "vang"? (4)

13.3 Dui die naam "Baas" wat Dennis Chipman (TEKS C) in Barotseland kry op 'n meerderwaardige houding teenoor die plaaslike bevolking? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

13.4 Dennis Chipman se optrede op Manaka verskil baie van Baas, Dennis se agterkleinseun, se optrede 92 jaar later.

13.4.1 In watter stadium kap Baas (die agterkleinseun) sy eerste paar buffelhorings teen 'n stutpaal op Manaka vas? Wat simboliseer hierdie handeling van Baas? (2)

13.4.2 Hoekom verskil Baas (die agterkleinseun) se gesindheid teenoor die Malozi's van sy oupagrootjie s'n? (1)

13.5 Dennis Chipman se optrede in reëls 10 tot 16 sluit aan by die tema van omgee en naasteliefde.

Is Baas, die hoofkarakter, iemand wat naasteliefde en omgee teenoor meneer Johnnie bewys? Motiveer jou antwoord. (1)

13.6 Baas, die agterkleinseun, vestig hom ook op Manaka, maar wil – anders as sy oupagrootjie – niks met godsdiens te make hê nie.

Gee die rede vir Baas, die agterkleinseun, se gesindheid. Verander sy gesindheid in die loop van sy verblyf op Manaka? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

13.7 Waar vestig Dennis Chipman, die oupagrootjie, hom ná nege-en-twintig jaar se verblyf in Barotseland? (1)

**EN**

**TEKS D**

"Eendag … Miskien … As ek 'n kombuis het. Hierdie is joune. Jy het daardie dag gesê jy wil bankies bou. Ek het sommer stutpaaltjies ook saamgebring."

Hulle sit die gewere neer, maak die drade los waarmee die planke aan die trekker vasgewoel is en pak dit onder die seil by die werkswinkel. Baas nooi Whitey slaaprondawel toe, steek die paraffienlampie aan en bêre sy geweer. Grace kom in met twee bekers.

"Nou moet julle besluit. Ek stel voor julle gebruik die bekers vir koffie," sê sy.

"Jy weet mos ek hou nie van koffie nie en koffie hou nie van my nie."

Whitey sit sy geweer op die bed neer. Grace los die bekers langs die foto's op die swart trommel en gaan uit om water te gaan haal.

"Ek gooi dop," sê Whitey. "Wat van jou?"

"Nie nou nie, dankie." Baas tel die geweer op en bekyk dit.

"Agtponder." Whitey gaan sit op die groen trommel.

Baas se oë dwaal verby die man in die blou oorpak na die portret teen die muur.

Hy sak op die bed neer. "Ek gooi maar vir my ook 'n dop, wat," sê hy toe hy uiteindelik opstaan. Hy skink en lig die agtponder.

" 'n Hele troppie buffels wat hy platgeskiet het … En 'n hele paar olifante ook wat oupagrootjie daarmee grond toe gebring het …"

"Ja, jy raai reg. Dit was my oupagrootjie se geweer," sê Whitey. "Ek dink toe ek sal jou maar kom wys. Ons het so baie oor die ou man gepraat …"

13.8 Herlees reël 1 en 2.

Waarom het die houtbankies vroeër konflik vir Baas veroorsaak? Op watter TWEE wyses skakel die herstel van die houtbankies die huidige Manaka met die oupagrootjie se Manaka? (3)

13.9 Watter soort verteller is in reëls 13 tot 16 aan die woord? Waarom is die gebruik van dié verteller in hierdie reëls nie so effektief nie? (2)

13.10 Watter inligting verswyg Baas in reëls 15 tot 18? Hoekom gee hy later sý oupagrootjie se Bybel vir Whitey ? (2)

13.11 Herlees reëls 5 tot 9 van TEKS C asook reëls 14 tot 20 van TEKS D.

Wat suggereer Baas deur na "die portret teen die muur" te kyk? Gee TWEE redes vir Baas se dade in reël 15 en 16. (3)
**[25]**

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Die milieu op Vatmaar én Du Toitspan beïnvloed tant Wonnie.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E**

Siesie Lena en Janman sou terug Windsorton toe loop en die trein Kimberley toe daar vat. Dis hoe hulle twee-twee uitmekaar is. Toe hulle mekaar groet, het die vier gesê: God was met ons. En in hulle harte het hulle gesê: Dankie, Vader.

Bet en Flippus was nou alleen in die vreemde wêreld.

Jare later, toe Oom Flip en Tant Bet goed gevestig was in Vatmaar en Klein-Neels al 'n fris klong, loop Oom Flip vir Jakob Kierie in die Pan raak. Hy het net uit die tronk gekom na hy drie jaar gesit het oor hy ongeslypte diamante by hom gehad het. Hy vertel toe dat Oubaas Swartz op Bakerville dood is, 'n arm man, soos die meeste ander delwers. Sy dogter Mollie het met Filemon getrou. Hulle enigste kind is dood. Oubaas Steenkamp het sy eie lewe geneem. Albei ou manne het gesê as hulle net geweet het, sou hulle nooit daardie twee skepsels laat gaan het nie, want hulle was die laaste van hulle soort wat nog in die wêreld oor was. Hulle geluk het hulle met hulle saam weggevat en hulle verdriet vir hulle, die witmense, gelos. Dis wat die toordokter glo vir hulle gesê het.

Dit, het Jakob Kierie gesê, is wat die witmense op Bakerville onder mekaar vertel.

In die mouterkar Kimberley toe is daar nie 'n woord gesê nie. Mister Hall-Stone het sonder om te vra by die stasie gaan stilhou. What a contrast, sê hy toe hy na die twee kyk wat uitklim.

15.1 15.1.1 Watter gebeure gaan die afskeid in reëls 1 tot 3 vooraf? (1)

15.1.2 Gee TWEE redes vir die karakters se dankbaarheid. Op watter manier verander dié gebeurtenis die karakters se lewens-omstandighede? (3)

15.2 In watter TWEE opsigte word Tant Bet gepas uitgebeeld? Waarom is Oubaas Swartz se uitbeelding in die roman nie gepas nie? (3)

15.3 Waarom voeg die verteller die inligting oor Jakob Kierie hier van reël 5 tot reël 15 in? (1)

15.4 Herlees reëls 8 tot 12.

Oubaas Swartz en Oubaas Steenkamp het uiterlike konflik met hulle werkers, Bet en Flippus. Gee 'n voorbeeld van dié konflik by ELK van die werkgewers. (2)

15.5 Gee EEN van die "twee skepsels" in reël 11 se naam. (1)

15.6 Oubaas Swartz en Oubaas Steenkamp het 'n baie hoë dunk van Flippus en Sus Bet. Is dit geregverdig dat hulle so baie van dié twee dink? Motiveer jou antwoord. (2)

15.7 Wat bedoel Mister Hall-Stone met sy uitlating in reël 17 en 18? (1)

**EN**

**TEKS F**

Toe haal Tant Wonnie 'n sjieling uit haar roksak en gee dit vir hom. Hier is 'n sjieling, Mineer Jones, sê sy. Laat hulle opklim.

Stoffel Jones het nie geweet dat Tant Wonnie daardie dag in die hof verskyn het nie, ook nie dat Mevrou September die saak teen haar gemaak het nie. Klim op jou skelm, sê hy en vat die sjieling.

Settie September was baie verbaas om Tant Wonnie met 'n nuwe rok en skoene aan in die kapkar te sien. Sy kon haar nie in die oë kyk nie en Tant Wonnie het gedink: As sy 'n stert gehad het, was hy tussen haar bene.

Johnny September was net so verbaas soos sy vrou. Middag, Tante, het hy gesê.

Sy het net na hom gekyk en niks gesê nie.

Die kar het weggetrek: Klip-kop, klip-kop, klip-kop en hulle koppe het saam met die klip-kop, klip-kop, klip-kop gewieg.

Tant Wonnie het sit en dink: <u>Ek en Suzan is altwee verwerp, veroordeel en beledig</u>. My eer is in die hofgebou herstel, maar nie in Vatmaar nie. Daar was niemand van Vatmaar in die hof nie. Ek wonder watter liegstories nou vertel en uitgedink gaan word. Maar vanaand sal ek die blikkie beesvleis oopmaak, 'n uie opsny en brood bysit. Dan, as Suzan wil, kan sy droëvrugte kry en die gemmerbier drink.

Tant Wonnie was op die punt om aan die slaap te val toe Mevrou September vir haar man met die oë na die bottel gemmerbier in die kardoes beduie.

15.8 Watter soort verteller is aan die woord in TEKS F en hoekom is dit noodsaaklik dat juis hierdie verteller in reëls 3 tot 7 gebruik word? (2)

15.9 Is Settie September se reaksies in reëls 6 tot 7 oortuigend? Gee 'n motivering by ELKE reaksie. (2)

15.10 Watter tema in die roman sluit by die onderstreepte woorde aan? In watter TWEE opsigte het dié tema betrekking op Kaaitjie? (3)

15.11 Sus Bet (TEKS E) en Tant Wonnie (TEKS F) leef Ta Vuurmaak se filosofie van mededeelsaamheid uit.

Bewys met behulp van TWEE voorbeelde by ELK dat Sus Bet én Tant Wonnie mededeelsaam optree. (4)
**[25]**

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Die milieu in sy ouerhuis én by Lawson Kollege beïnvloed Greg.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"… Die ander ouens sien op na jou. En dan doen jy sulke goed! Ek is teleurgesteld in jou, Greg."

"Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!"

Die woorde is uit voor ek kan keer. Maar dit stop my pa in sy spore.

Hy weet wat ek bedoel. Ek praat van John. Eers was John alles, totdat hy besluit het hy het genoeg gehad en hy gaan suip daardie pille. Toe is hy nikswerd. 'n Skande. 'n Teleurstelling.

"Ons praat nie nou van John nie," sê my pa na 'n ruk, sy stem beheers maar beneuk. "Ek weet ook van daardie e-pos wat jy gestuur het."

Ek wil sê dit was nie ek nie. Dit was mos van 'n vals e-posadres gestuur. Maar ek weet ek moet nie nou sukkel nie. My pa is nie stupid nie. Om te lieg gaan die ding net erger maak.

"Môreoggend, Greg … die eerste ding wat jy doen as jy jou voete uit die bed tel, gaan jy na Dok Pienaar toe en jy gaan vra om verskoning vir jou skandelike gedrag. En dan laat staan jy hierdie rebelse houding van jou. Jy los die skool uit dat hulle Eckardt se storie hanteer soos hulle dit goeddink. En wát hulle doen het niks met jou uit te waai nie. Bepaal jou aandag by jou studies en jou sport. Ek verwag uitstekende resultate van jou teen die einde van jou matriekjaar. Ek sal met niks minder as dit tevrede wees nie …"

17.1 Wat gee aanleiding tot Greg se pa se woorde in reël 1 en 2? (1)

17.2 Hoekom is Greg se pa se teleurstelling in Greg ironies? (1)

17.3 In reël 3 noem Greg een ooreenkoms met sy broer, John.

Noem TWEE ánder ooreenkomste tussen Greg en John. Watter TWEE kenmerke van Eckardt het Greg baie aan John laat dink? (4)

17.4 Dink jy Greg sou die e-pos (reël 9) gestuur het as hy toe reeds geweet het wat die verreikende gevolge van sy dade gaan wees? Motiveer jou antwoord met DRIE redes. (3)

17.5 "En wát hulle doen het niks met jou uit te waai nie." (Reël 16 en 17)

Is dit, binne die konteks van Greg se skoolmilieu, aanvaarbaar dat sy pa hierdie mening lug? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

17.6 17.6.1 Formuleer die tema van die roman na aanleiding van die woorde in reël 15. (1)

17.6.2 In watter TWEE opsigte geld die roman se tema ook vir Greg se pa én Dok Pienaar? (2)

**EN**

**TEKS H**

"Was dit nie interessant hoe jy alles wat ek vir jou geleer het, kon gebruik nie, Greg? Ek meen, van al die goed wat hackers kan doen, was die goed wat jy sou nodig kry om die Butcher te ontmasker die presiese goed wat ek met moeite in daardie kop van jou probeer inprent het … of moet ek sê, wat ek probeer *program* het."

Noudat ek daaraan dink, dit is waar. Ek kon plek-plek self nie glo hoe maklik dit was nie. Byvoorbeeld om die foto van die white hat te ontsyfer, om die password van Eckardt se webblad na my toe te mail. Om die password by Joan te kry … Alles goed wat Eckardt my geleer het.

"Hoe lyk dit? Is jy al online, Greg? Kan jou brein al die encrypted password hashes brute force en die geheime woord vir jou netjies en mooi op die skermpie gooi?" Eckard forseer die woorde deur sy tande. Ek sien hoe sy vuiste bal. Wat is dit met die ou? Dit lyk dan nou of hy my … haat?

Wat hy voor hom sien, word die eerste snydende skreegeluid wat deur sy grootwordjare sal eggo: Sy pa se groot lyf, half oor die lessenaar gebuig, asof hy besig is om te skryf. Maar in sy hand is daar nie 'n pen nie. Daar is 'n 9 mm-pistool in sy geklemde vuis. Een vinger is om die sneller.

Ek skud my kop. Ek weet nie waarvan Eckardt praat nie.

"Goed dan … hier is die password: social engineering, Greg."

17.7 Waarom wil Eckardt die Butcher ontmasker? (1)

17.8 Waarom kan Greg as 'n *white hat* én 'n *black hat* beskou word? (2)

17.9 Wat is die verband tussen *social engineering* in reël 18 en die uiterlike konflik tussen Greg en Eckardt in Clarens? Word dié konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)

17.10 Herlees reëls 11 tot 17.

Gee TWEE redes waarom reëls 13 tot 16 van die res van die teks geskei word. Hoekom is dit onregverdig dat Greg by Eckardt se *haat* betrek word? (3)

17.11 Herlees reëls 13 tot 19 van TEKS G asook reëls 9 tot 12 van TEKS H.

Gee die ooreenstemmende stemming wat in die tekste (TEKS G en TEKS H) heers en gee die rede vir dié stemming in ELK van die twee tekste.

(3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 18 (opstelvraag) ÓF VRAAG 19 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 18: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Map Jacobs en Cavernelis is in die drama, *Krismis van Map Jacobs*, gevangenes van hulle omstandighede.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 19: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| MAP: | Ek is nog ôrait, Ma … 'is Map … 'is Johnnie … |
| | *Sy kyk na hom, knik.* |
| MAP: | Hoe gaan 'it moet Ma? |
| | *Sy knik dat dit "goed gaan".* |
| MAP: | En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie … Ek wiet sy't ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet … |
| | *Antie Grootmeisie kyk na hom, vol ontsteltenis.* |
| MAP: | … maar ek verkwalik haar nie … Die social worker het weer moet my gepraat, sy's nogal vrinnelik … |
| | *Sy kyk na hom.* |
| MAP: | Miss Africa … 'n Mens kan nogal moet haar praat. |
| | *Sy kyk vraend op.* |
| MAP: | Miss Africa, Ma … Ek sê, sy's nogal vrinnelik … |
| | *Antie Grootmeisie knik.* |
| MAP: | Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand … |
| | *Antie Grootmeisie kyk lewendig op.* |
| MAP: | Annermaand! |
| | *Sy knik opgewonde.* |
| MAP: | Parole, Ma … |
| | *Sy knik weer.* |
| MAP: | Ek is jammer, oor dit alles, Ma … Ek het al gesê … Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles … Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self. (*Driftig.*) Ek is jammer, maar Ma moet my glo, Ma móét my gló! Ek het ge-change hierso … |
| | *Sy skud haar kop hewig om te kenne te gee dat sy "glo".* |
| MAP: | Ek is 'n ge-change-de man, ek … het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie … Dink Ma ek lieg?! |
| MAP*(sektaries)*: | *Sy knik "nee".* |
| | Praise the Lord, Ma! Hy vát vir jou, Hy … Hy vat vir jou, vuil … |

19.1 Waarom is Johnnie/Map in die tronk? Waarop dui die naam "Johnnie" wat Map in reël 1 gebruik? (2)

19.2 Is dit geloofwaardig dat hy in reël 3 na sy ma se welstand vra? Motiveer jou antwoord. (1)

19.3 Waarom besoek Blanchie nie meer vir Map nie? (1)

19.4 Watter simboliese betekenis het "sewe" (n.a.v. reël 15) in hierdie konteks? Is die vrylating, juis op die "sewende" van "annermaand", effektief? Motiveer jou antwoord. (2)

19.5 Wat is die funksie van al die toneelaanwysings/neweteks in reëls 2 tot 21? Dink jy dié toneelaanwysings/neweteks het 'n effek op die toneel? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

19.6 Watter TWEE sake het Map in gedagte wanneer hy in reëls 22 tot 25 sê dat hy "jammer oor dit alles" is? (2)

19.7 Watter stemming heers in reëls 15 tot 28? Gee TWEE redes vir hierdie stemming. (3)

19.8 Watter mededeling dra in hierdie stadium in die struktuur van die drama by tot verhoogde spanning? Gee TWEE redes waarom dié spesifieke mededeling die spanning verhoog. (3)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | Oh well … *(Hy spring.)* I suppose it's … not so easy to adapt again after … all this time … But hell … he's really got a beautiful … body … Sorry about … the … tattoos … Anyway … |
| CAVERNELIS: | *op met sy fiets, nogmaals terug van 'n aand se smouswerk met die soft goods.* |
| LA GUMA: | *(bly oor die moontlike geselskap):* O, hello, mister Cavernelis … |
| CAVERNELIS: | *(sku):* Evening, mister La Guma … |
| LA GUMA: | Lovely evening, nice an' … crisp, for jogging … |
| CAVERNELIS: | 'Is 'n bietjie koud, mister La Guma. Ek gaan maar inkruip. |
| LA GUMA: | You had a … long day, mister Cavernelis? |
| CAVERNELIS: | *(het nou al tot stilstand gekom, sy hande op die stuurstang van die fiets):* Ja.<br>*Ons sien vir Blanchie, bo by die deur, buite.* |
| BLANCHIE: | *(roep na binne):* Antie Maud … Daddy het nou net gekom … Maar dis weer daai lastige Willy la Guma daar by hom! Bly altyd agter mense aan … |
| MAUD: | *(van binne af):* Oh … talk talk, talk, die ou praatbek! All words and air, and nothing done! |
| CAVERNELIS: | (*te ordentlik of te swak om sommer net sy eie koers te kry):* Ja, 'n lang dag, mister La Guma. *(Staan onseker, met die fiets in sy hande. Hy lyk moeg.)* |
| BLANCHIE: | *(praat weer met MAUD. La Guma-hulle, onder, kan nie vir haar en Maud hoor nie):* Hulle praat daar onner by die lig … |
| MAUD: | Jy mien Willy la Guma praat! |

19.9 Noem die TWEE kenmerkende eienskappe van La Guma wat al die mense in die township irriteer. (2)

19.10 Van wie praat La Guma in reëls 1 tot 3? (1)

19.11 "Sorry about … the … tattoos … Anyway …"

By watter tema van die drama sluit dié woorde van La Guma aan? (1)

19.12 Herlees reëls 5 tot 6 van TEKS I en reël 7 van TEKS J.

Gee DRIE ander bewyse dat die Cavernelis-gesin nie met die mense in die township wil meng nie. Dink jy dit is geregverdig dat die Cavernelis-gesin hierdie gesindheid openbaar? Motiveer jou antwoord. (4)

**[25]**

**_MIS_ – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 20 (opstelvraag) ÓF VRAAG 21 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 20: _MIS_ – OPSTELVRAAG**

Miem en Meisie is in die drama, *Mis*, gevangenes van hulle omstandighede.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 21: _MIS_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Nou wel, as u dan die saak oopgevlek het, is dit seker waarom ek hier is. Miskien koester die persoon … of persone … |
| GERTIE: | Ag nee, Konstabel! Is daar dan meer as een? |
| KONSTABEL: | 'n Mens weet nooit. Enigiets is moontlik. |
| MIEM: | Ja, dit is waar. *(Aan Meisie)* Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar. |
| MEISIE: | Ja, Ma. |
| | *MEISIE gaan sit en werk verder.* |
| MIEM: | Verskoon tog, Konstabel. Wat wou u sê? Van die persone of persoon? |
| KONSTABEL: | Ek was besig om te sê hy … |
| GERTIE: | Of hulle! |
| KONSTABEL: | Net so, Juffrou. Of húlle koester dalk 'n wrok teen u en die juffrou hier. |
| MIEM: | Hoe aaklig. |
| GERTIE: | Verskriklik! |
| KONSTABEL: | Wil u miskien selfs van die gras af maak! |
| | *MIEM, MEISIE en GERTIE maak gelyktydig angsgeluide*. |
| KONSTABEL: | Maar wees gerus. *(Glimlag)* Ek is hier om so 'n plan te fnuik. |
| MIEM: | Hoe kan ons u bedank? |
| KONSTABEL: | Ag nee, Mevrou. Dit is my werk. |
| MIEM: | Dit is te … afskuwelik. |
| KONSTABEL: | *(verbaas)* Wat, Mevrou? |
| MIEM: | Om te dink … ons word bes moontlik – op hierdie oomblik – beloer en beluister. |
| GERTIE: | Deur een of meer persone. Met weerwraak in hulle harte. |
| MIEM: | En … ek het alreeds soveel om te verduur. Alles word vir my … te veel *(Kreun en laat haar kop in haar hande sak)* |
| GERTIE: | Aag, sies tog, Miem. |
| MIEM: | *(aan MEISIE)* Kom saam, my kind. *(Staan swaar op)* Verskoon tog, Konstabel. Ek is nou weer terug. |
| KONSTABEL: | Alles reg, Mevrou. |
| | *Stilte. MIEM verdwyn deur die gangdeur terwyl MEISIE agter haar aanslenter. GERTIE kyk na die KONSTABEL wat stil voor hom sit en uitkyk.* |

21.1 Waarna verwys Gertie in reël 3? (1)

21.2 "Enigiets is moontlik." (reël 4)

Gee TWEE handelinge van Konstabel uit die drama wat sy woorde bewys. (2)

21.3 Herlees reëls 5 tot 7.

Gee 'n motivering vir Meisie se optrede in reël 5. Waarom is Miem se reaksie hier in die struktuur van die drama funksioneel? Gee TWEE redes. (3)

21.4 Herlees reël 5 en 6.

21.4.1 Hoe sluit Miem se woorde by die titel van die drama aan? (1)

21.4.2 In watter DRIE opsigte gee die milieu aanleiding tot Miem en Meisie se werk met sakke? (3)

21.5 Noem TWEE sake wat Konstabel met sý woorde in reël 13 en 14 wil bereik? Slaag hy in sy doel? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (4)

21.6 Dink jy daar is 'n verband tussen Konstabel se optrede en sy onderstreepte woorde in reël 19? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**EN**

**TEKS L**

KONSTABEL: *(staan op. Kwaad. Beweeg na die deur)* Ek sal gaan, Mevrou. (Draai om by die deur en laat sy stok val) Maar laat my asseblief net toe om my saak te stel. Ek wil nie so hier weggaan nie.

MIEM: *(nors)* Nou sê jou sê.

KONSTABEL: *(Kwaad)* Dit is my werk! Ek is gewoond om vrae te vra. En ek is werklik bekommerd oor u veiligheid. Wat u ook al mag dink. Ek wou maar net uitvind … of hier nog 'n deur is. Nog 'n plek om in te kom. Sodat ek in my pasoppens kan wees. Nou weet ek van alle gevare. Die deur kan maklik oopgebreek word … Iemand kan daar insluip … U man oorrompel … Afklim … en voor ons weet, is hy … of sy … tussen ons.

GERTIE: O, Vader!

MIEM: Konstabel … ek was miskien 'n bietjie haastig. Ek sien … u dra tog ons belange op die hart. U moet my maar vergewe. Ek is 'n bietjie kort van draad. Dit kom van my ma se kant. Konstabel, sal u tog nie maar bly nie? Ons sal dit waardeer.

GERTIE en MEISIE: Asseblief, Konstabel.

*Die KONSTABEL antwoord nie. Hy staan stil en staar voor hom uit.*

MIEM: *(oorvriendelik, na 'n stilte)* Vertel ons, Konstabel, het u ondervinding van sulke sake? Verdwynings, bedoel ek?

KONSTABEL: O, ja, dit is waarvoor ek eintlik gebruik word. Vermiste persone.

MIEM: Werklik?

*MEISIE steek haar vinger raak. Sy trek haar asem in en suig haar vinger.*

MIEM: *(aan die KONSTABEL)* So u sê u werk met vermiste persone, Konstabel?

21.7 Wat gee aanleiding tot Konstabel se woorde in reëls 1 tot 3? (1)

21.8 Watter karaktereienskap van Konstabel kan uit sy woorde in reëls 5 tot 11 afgelei word? (1)

21.9 In watter opsig is Miem se woorde in reël 13 en 14 ironies? Hoekom hou Miem se woorde vir Meisie gevaar in? (2)

21.10 Herlees Miem se onderstreepte vraag in reël 20.

Waarna verwys Miem? Sê hoe Konstabel haar met sy antwoord bedrieg. (2)

21.11 Herlees reël 5 in TEKS K en reël 23 en 24 van TEKS L.

Dink jy Meisie se handeling in albei tekste sluit by die tema van bevryding aan? Motiveer jou antwoord deur na ELKE teks afsonderlik te verwys. In watter opsig word Meisie teen die einde van die drama bevry? (3)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 42 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING

## RIGLYNE VIR NASIENERS

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al die vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As ŉ kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

Kopiereg voorbehou 

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende nasienriglyne vir die opstelvraag:
    - ♦ Lees die opstel die eerste maal en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
    - ♦ ’n Reeks treffende argumente is stellings wat met
        - relevante verduidelikings gemotiveer word./
        - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
        - ’n geparafraseerde aanhaling uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
    - ♦ Die bespreking oor die invloed van die milieu in vrae 10, 12, 14 en 16 moet telkens die milieu asook die invloed daarvan vermeld.
    - ♦ Lees die opstel ’n tweede maal om die struktuur en taal te assesseer.
    - ♦ Taalfoute word met onderstreping aangedui.
    - ♦ ’n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking** én **illustrasie** nie.
    - ♦ Die aantal kodes in die opstelvraag word nie getel om ’n bepaalde punt by die inhoud toe te ken nie.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**"staat" – Niel van Tonder**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Vir die nasien van Vraag 1 is dit belangrik dat die kandidaat minstens EEN argument ten opsigte van beeldspraak EN minstens EEN argument ten opsigte van stylfigure moet aanbied alvorens die opstel as UITSONDERLIK beskou kan word.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Die metaforiese "krap" (versreël 3) is in 'n magsposisie as gevolg van sy grootte en stewige knypers**; **vandaar die feit dat hy houtgerus, sonder om iets te doen, in sy vesting sit**./Bv. versreëls 1 tot 2: *jare nou al sit roerloos wit …*
- **Die gedig maak van 'n metafoor gebruik: die "staat" (titel) word gelykgestel aan 'n wit krap, waar die titel by die eerste strofe wat na 'n krap verwys, aansluit**./Bv. versreëls 2 tot 3: *sit roerloos wit 'n krap …*
- **Die "gaterige wal" (versreël 3) is 'n metafoor wat die skuilplek/blyplek van die krap aandui as iets w*at* onstabiel/aan die verval/reeds stukkend/onveilig is**. **Dit dui op die staat se posisie: selftevrede en selfgenoegsaam, maar onveilig, reeds aan die agteruitgaan**./ Bv. versreël 3: *'n krap in 'n gaterige wal*
- **Die metaforiese "steeltjiesoog" (versreël 4) van die krap wat net af en toe "roer" dui nogeens op die selftevrede gemak van die staat wat glo/dink dat hulle veiligheid onaantasbaar is**./Bv. versreëls 4 tot 6: *roer 'n steeltjiesoog met tye waaksaam omhoog*
- **'n Verdere metafoor wat gebruik word, kom in versreëls 10 tot 12 voor – die "swart mierbataljon" word 'n metafoor van die meerderheid mense wat teen die staat in opstand kom en die krap/staat binneval**./Bv. versreëls 10 tot 12: *maar wanneer en hoé het die swart mierbataljon …*
- **In versreël 12 word *parate pantser* as 'n metafoor gebruik vir die dop van die selfgenoegsame krap./die staat**. **Die *mierbataljon* (versreël 11) *val die parate pantser* (versreël 12) van die krap ongesiens binne**./Bv. versreëls 10 tot 12: *maar wanneer en hoé het die swart mierbataljon dié parate pantser binnegekom*?
- **Die gedig maak van kontras gebruik om die twee partye (soos in 'n land waar die regering nie ingestel is op die bevolking se wense/drome nie) uit te hef. Hier word pertinent gepraat van 'n *wit* krap wat teenoor 'n *swart mierbataljon* te staan kom**./Bv. versreël 2 en versreël 11: *sit roerloos wit teenoor die swart mierbataljon*.
- **Dat die krap oënskynlik "roerloos" sit, kontrasteer met die feit dat die "steeltjiesoog" darem "met tye" "roer". Hoewel beweging afwesig blyk te wees, is daar tog 'n mate van beweging in 'n poging om waaksaam en paraat voor te kom**./Bv. versreëls 2 tot 3: *sit roerloos wit 'n krap …*/Versreël 4–6: *roer 'n steeltjiesoog met tye waaksaam omhoog …*
- **Die "steeltjiesoog" (versreël 4) van die krap is ironies gebruik: dit dui eintlik op goeie waarnemingsvermoë, maar anders as wat 'n mens verwag, "roer" die "krap" die "steeltjiesoog" net "met tye" wat dui op die staat se gebrek aan behoorlike waarneming/ingesteldheid op gevaar**./Bv. versreëls 4 tot 6: *roer 'n steeltjiesoog met tye waaksaam omhoog …*

- **Wanneer die waaksame krap deur iets soos klein miertjies binnegeval word, is dit ironies, want ten spyte van "waaksaam" en "steeltjiesoog" vind die inval plaas op so 'n wyse dat niemand weet hoe en wanneer dit gebeur het nie**./Bv. versreël 6: *waaksaam omhoog* teenoor versreël 12: *dié parate pantser binnegekom?*
- **Daar is ook ironie in die feit dat die krap jare nou al so paraat lyk, terwyl hy in werklikheid ongesiens binnegeval kon word deur miere, want niemand kan met sekerheid sê of die droë dood nie al lankal in die krap teenwoordig was nie**./Bv. versreël 1–2: *jare nou al sit roerloos wit* … teenoor versreël 9: *'n droë dood ook in hom lê …*
- **Verdere ironie kom voor in die feit dat die krap buite verhouding groot vertoon tot miertjies. 'n Mens sou dus verwag dat die krap (wat groot is) veilig sou wees teen die aanslag van die miere wat – in verhouding tot die krap – buitengewoon klein is, maar ironies genoeg is die krap nie teen die klein miertjies bestand nie**./Bv. versreël 3: *'n krap in 'n gaterige wal* teenoor versreël 11: *het die swart mierbataljon*
- **Dis ook ironies dat die krap in 'n "gaterige wal" sit; die "wal" behoort 'n veilige vesting te wees, maar die wal is "gaterig" en omdat die krap net soms waaksaam "roer", is sy ondergang verseker**./Bv. versreël 3: *'n krap in 'n gaterige wal* teenoor versreël 9: *'n droë dood ook in hom lê …*
- **Die krap besit ironies genoeg 'n "parate pantser" wat hom/haar moet beskerm, maar dit blyk ondoeltreffend te wees, want die miere val dit ongesiens binne**./Bv. versreël 12: *dié parate pantser binnegekom*? teenoor versreël 10: *maar wanneer en hoé …*
- **Die krap dien as simbool van die staat/regering wat nie op sy hoede/paraat genoeg was nie en gevolglik ten gronde gaan**./Bv. titel "staat" teenoor versreëls 2 tot 3: *sit roerloos wit 'n krap …*
- **Die mierbataljon dien as simbool van die ontevredenes wat stil-stil die staat se ondergang bewerkstellig**./Bv. titel "staat" teenoor versreëls 11 tot 12: *het die swart mierbataljon dié parate pantser binnegekom*?

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"Sonsverduistering" – PJ Philander**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | *vlek* √ | 1 |
| 2.2 | *Langsamerhand* √ | 1 |
| 2.3 | Klanknabootsing/Onomatopee √<br><br>*geruisloos* √ | 1<br><br>1 |
| 2.4 | Dit beklemtoon die "gans" wat aandui dat alle mense aan sonde onderwerp word./<br>Dit beklemtoon die omvang van die "skaduwee"/sonde.<br>Die agterplasing van "skaduwee" word gedoen om te rym met "gedwee"./ter wille van rym. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.5 | Skape gaan huiswaarts wanneer dit donker word, terwyl die mens aanhou om in die donker te leef. √<br>Voorgevoel lei skape daartoe om huiswaarts te keer wanneer dit donker word, maar die mens se intuïsie lei hulle nie na God wanneer sonde hulle pad verduister nie. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan.* | 2 |
| 2.6 | Mense se sondes bring verwydering tussen hulle en God./<br>Mense besef nie dat hulle heil by God lê nie.√<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord binne konteks van die gedig vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br>Ja<br>Die gedig handel oor 'n aktuele probleem, want mense pleeg steeds sonde./leef al verder van God en sy gebod./doen wat hulle pas en nie noodwendig wat God van hulle verwag nie.<br><br>Sonde is 'n universele verskynsel, want alle mense, waar hulle ook al woon/werk/leef, doen soms/dikwels/aanhoudend sonde.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dis nie aktueel nie, want in talle lande word God nie gedien nie./word ander waardes/norme/gelowe aangehang./lyk dit of mense wat die verste van God leef, gelukkig/voorspoedig/geseënd is./<br>Mense heg in ons tyd nie meer soveel waarde aan godsdiens nie. √<br><br>Die Christelike geloof is nie universeel/oral die norm vir mense se lewe nie./word in sommige lande verbied./<br>Wat sogenaamd "sonde" is, verskil van geloof tot geloof. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet 'n antwoord vir beide aspekte, nl. aktualiteit én universaliteit aanbied.* | 1<br><br><br><br>1<br><br>1 |
| | | **10** |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Die huis luister" – Daniel Hugo

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Die huis √ | 1 |
| 3.2 | *binne-oor/hoor* √ | 1 |
| 3.3 | Polisindeton/enumerasie √<br><br>Dit beklemtoon hoe aanhoudend die inwoners mekaar verwyt./waaroor daar gekibbel word. √ | 1<br><br>1 |
| 3.4 | Ja<br>Hulle kibbel oor/verwyt mekaar oor "kon en sou en moes". √<br>Te veel vloeke laat sy/die huis se pleisterwerk bars./Hulle vloek te veel./baie. √<br><br>*Die kandidaat gee enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>In die slotstrofe praat die huis van "elke nag" – dit hou dus nie op nie./<br>Die dakplate en die huisbewoners se gebede knal al hoe harder om hulp./<br>Ten spyte van die dakplate en huisbewoners se gebede bly dit "ongehoord". √<br><br>*Die kandidaat mag net "ongehoord"/"knal al hoe harder om hulp" aanbied vir een punt.* | 2<br><br>1 |
| 3.5 | v-alliterasie/alliterasie √<br><br>Dit beklemtoon die hoeveelheid verwyte./rusies./onaangenaamhede. √ | 1<br><br>1 |
| 3.6 | Wanhoop/Moedeloosheid/Magteloosheid √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Een sprong vir …" – Joan Hambidge

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | *sprong* √ | 1 |
| 4.2 | Die ander persoon/geliefde het haar/hom baie/allerhande beloftes gemaak. √ | 1 |
| 4.3 | Alliterasie/k-alliterasie √<br><br>Die k-klank ondersteun die (spreker se) stryd./pyn./seer./ontnugtering./teleurstelling./ bitterheid. √ | 1<br><br>1 |
| 4.4 | Oksimoron/paradoks/teenstelling √<br>Dit verwys na die (intense) lyding wat in stilte/onopsigtelik geskied. √ | 1<br>1 |
| 4.5 | Die herhaling beklemtoon die onherroeplikheid van die verlies. √ | 1 |
| 4.6 | Ja<br>In strofe 1 treur die spreker oor die "maan" wat beloof is/baie beloftes van die geliefde, terwyl strofe 3 aandui dat die spreker berusting gevind het in die wete dat die "maan" "hiér" is./die aarde/die huidige/die oomblik/die nou/hier mooi genoeg is./die beloftes leeg was. √<br>In strofe 1 en 2 is die spreker ontnugter oor die geliefde hom/haar weggestuur/ weggejaag het, "na die maan gestuur het", maar in strofes 3 en 4 herstel die spreker in die wete dat hy/sy hier/nou gelukkig is./dat hy/sy nou weet die "maan" is "nie van kaas" nie./nie weer alles vir soetkoek sal opeet nie. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE motiverings vir EEN punt elk aan.*<br>*Elke motivering moet beide kante van die verskil aanbied.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br><br>Die tipografie herinner aan die vorm van 'n maantuig./ruimtetuig./pendeltuig. √ | 2<br><br>1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: LITERÊRE OPSTEL

### "eerste worp" – TT Cloete

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Suid-Afrika het nie katedrale en kastele/geen breë riviere/oorweldigende wolke/ donkergroen woude/'n jarelange geskiedenis nie, terwyl dit redelik algemeen in Europa voorkom**./Bv. versreël 1: *het nie ou katedrale en kastele nie*/Versreël 2: geen breë *riviere bevaarbaar vir groot skepe*/Versreël 3: *die min wolke*/Versreël 4: *nie groot metropole nie.*/ Versreël 5: *is sonder groot donkergroen woude.*/Versreël 6: *dun is ons geskiedenis*
- **In versreëls 6 tot 8 sê die spreker dat Suid-Afrika se geskiedenis nie groot baanbrekers opgelewer het nie, terwyl Europa talle sulke baanbrekers soos wêreldbekende musikante/digters/skilders/argitekte het.**/Bv. versreëls 6 tot 8: *dun is ons geskiedenis met min groot name soos beethoven of dante of rembrandt of bramante*
- **In versreël 9 word Suid-Afrika as hard/droog en veeleisend voorgestel, daarteenoor het Europa 'n sagte, dromerige, ouwêreldse romantiek**./Bv. versreël 9: *ons het min onwerklike sagte drome*
- **Versreëls 14 en 17 beklemtoon die oeroue bestaan van ons vasteland en Europa skiet hieraan tekort**./Bv. versreël 14: *en oerrivierbeddings*/Versreël 17: *en baie reste naby aan die eerste worp*
- **Suid-Afrika het oerrivierbeddings/riviere wat nie bevaarbaar is nie teenoor Europa se baie water/bevaarbare riviere.**/Bv. versreël 2: *geen breë riviere bevaarbaar vir groot skepe nie*/Versreël 14: *en oerrivierbeddings*
- **Suid-Afrika het veelseggende/beskrywende/klankryke name vir plekke wat Europa nie het nie**/Bv. versreël 15: *soos gourits en storievertelname soos skrij*/Versreël 16: *of kameelsleep en lijersdraai*
- **In versreël 17 noem die spreker dat Suid-Afrika oorblyfsels/fossiele van die *eerste worp* het, dit maak Suid-Afrika anders as Europa**./Bv. versreël 17: *en baie reste naby aan die eerste worp*/Versreël 19: *hoor jy die jakkalse se fossielskreeu*/Versreël 20: *iewers tussen angstjank en primitiewe spotlag*
- **Suid-Afrika het min kultuurfigure wat onwerklike drome uitbeeld in kuns/ letterkunde/musiek/argitektuur soos Europa, maar ons het die harde werklikheid.** Bv. versreël 18: *by wêreldseinde in die suisende stil nag …*/Versreël 12: *in die droë sand en koets teen die son*
- **In Suid-Afrika is die "angstjank" van jakkalse 'n werklikheid terwyl Europa gekenmerk word deur "sagte drome" wat soms "onwerklik" voorkom**./Bv. versreël 19 tot 20: *hoor jy die jakkalse se fossielskreeu iewers tussen angstjank en …*/Versreël 9: *ons het min onwerklike sagte drome …*
- **Van Suid-Afrika suggereer die spreker 'n soort primitiwiteit (bv. "fossielskreeu") teen-oor Europa se gesofistikeerdheid***./Bv. versreël 11: en krom grys bome wat houtbeen vas-skop …*/Versreël 19*: hoor jy die jakkalse se fossielskreeu …* teenoor versreël 1*: ons het nie ou katedrale en kastele nie …*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

*Die kandidaat moet telkens Suid-Afrika teenoor Europa stel, of die teenstelling impliseer.* **[10]**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

## "besoekersboek" – Fanie Olivier

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 6.1 | *sel/mure/uitgekrap/naam/dae* √ | 1 |
| 6.2 | Hulle wil hulle teen sterflikheid (probeer) verskans/wil hulle deur die skryfdaad (probeer) verewig./onthou word. √<br><br>Ja<br>Hulle name leef voort na hulle dood./Mense wat hulle name lees, wonder daaroor./Tekens dat gestorwe mense/vorige geslagte gelewe het, is teen kranse sigbaar.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>In versreël 12 suggereer die spreker hulle slaag nie, want hulle "probeer". √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 6.3 | lang lys (lesers)/sterflikheid verskans √ *(Nié "lesers" saam met "sterflikheid verskans" nie)*<br><br>Beklemtoon die lengte van die lys name (voor in die Bybel)./<br>Die hoeveelheid mense wat hulle onverganklik probeer maak, word beklemtoon. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 6.4 | *huil stom(-gemaak)* √ | 1 |
| 6.5 | 'n Koeplet √<br><br>Ja<br>Die koeplet word uitgehef omdat dit die kern/hoogtepunt van die gedig bevat./<br>Die slotkoeplet bevat paarrym wat pas by 'n koeplet./<br>Die koeplet in die slot hef die spreker se eie poging om onsterflik te wees uit./<br>Die koeplet in die slot sluit by die titel aan wanneer die spreker self die *besoekersboek* teken./<br>Die slotkoeplet speel sterflikheid teenoor onsterflikheid af./sluit by die gedig se tema aan./hef die tema uit.<br>'n Engelse sonnet eindig met 'n koeplet. √√<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 6.6 | Die mens wil sy/haar aardse bestaan in 'n besoekersboek aanteken./Die mens wil sy/ haar naam in 'n boek skryf as bewys dat hy/sy hier was/gelewe het. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

## "'n vigslyer sterf" – Vincent Oliphant

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | *vigslyer* √ | 1 |
| 7.2 | Vergelyking √<br><br>Die vel is soos dun seil. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke verklaring vir EEN punt* aan | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Die lyf wat al kleiner word, word uitgehef (deur die kort reël)./<br>Die kort versreël beklemtoon die lyf (van die vigslyer) wat al kleiner word. √ | <br>1 |
| 7.4 | Die vigslyer se oë is nie werklik groter nie./se lyf en kop wat maerder word, vertoon nou groter. √ | <br>1 |
| 7.5 | *sag gaan* √<br><br>Ja<br>Die vigslyer smag na verlossing van die lyding./<br>Die slotstrofe fokus op die lyding/sterwe van 'n mens./<br>Die mens se oë/vensters van die siel wys sy/haar emosies/onbegrip wat 'n eufemisme gepas maak.<br>In die slotstrofe raak die spreker subjektief betrokke./is hy/sy met deernis/simpatie gevul. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan*. | 1<br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 7.6 | n**a** die gen**a**de van sag g**aa**n/<br>n**a** verst**aa**n √<br><br>Die herhaling van die lang a-klank ondersteun die somber atmosfeer./<br>Die aa-assonansie gee 'n trae/stadige gang/tempo aan die slot (wat die vigslyer se naderende dood ondersteun.)/<br>Dit sluit aan by die deernis met die vigslyer./<br>Dit beklemtoon die *genade*/*verstaan* in die slot. √ | <br>1<br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

## "Vincent van Gogh" – DJ Opperman

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 8.1 | Vincent van Gogh √ | 1 |
| 8.2 | Ja<br>Deur die versreël op *miskende* te laat eindig, word die woordbetekenis beklemtoon./<br>Die woord *miskende* in die rymposisie verseker paarrym met *ellende*. √<br><br>Die tipografiese skeiding verseker dat *heilige* nou aan die begin van versreël 2 beklemtoon word./beklemtoon die woord *heilige*. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 2 |
| 8.3 | Mynwerkers/handearbeiders (op landerye)/agterbuurtbewoners √<br><br>Hy/Van Gogh/die aangesprokene kon nie die lot/omstandighede van die mynwerkers/ handearbeiders/agterbuurtbewoners verbeter nie./<br>Die ellende het maar net voortgeduur. √ | 1<br><br><br>1 |
| 8.4 | *maar* √<br><br>Van Gogh ervaar nou hartstog teenoor sy werk in vergelyking met die vergeefsheid van sy werk vroeër./<br>God se doel met die skilder (se lewe) is volbring, terwyl hy aanvanklik misken is./<br>Die laaste versreëls stel kuns/skoonheid/passie teenoor ellende./onreg./pyn./stryd wat in die eerste paar versreëls genoem word. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE verskille vir EEN punt elk aan.*<br>*Albei dele van die wending moet vir EEN punt gegee word.* | 1<br><br><br><br>2 |
| 8.5 | Vervuldheid/Volkomenheid/Tevredenheid √<br><br>*Die stemming mag ook in 'n sin beskryf word.* | 1 |
| 8.6 | Vergelyking √ | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"woorde" – Vincent Oliphant**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | *My* √<br><br>*Die kandidaat se eerste woord word nagesien.*<br><br>Herhaling √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 9.2 | Dit gee die eienskappe van die spreker se woorde./sê wat die spreker met sy/haar woorde kan doen./Dit stel die kenmerke van die spreker se woorde aan ons bekend./ gee enkele positiewe en negatiewe kenmerke van sy/haar woorde. √ | 1 |
| 9.3 | *my woorde is kaal* √<br><br>Daar is nie hoofletters/leestekens/'n vaste rymskema/vaste versreëllengte nie./Dit is 'n vrye vers./<br>Die versreëls is kort. √ | 1<br><br><br>1 |
| 9.4 | Sy woorde sal mense seermaak./vernietig./leed aandoen./skeiding veroorsaak./grense meebring. √ | 1 |
| 9.5 | Ja<br>Dit bring 'n ekstra dimensie/verdieping/dieper betekenis in die gedig./<br>Na die "nee" verander die stemming in die strofe./hef die spreker sy/haar versugting m.b.t. die gebruik van woorde uit./sê die spreker waarvoor hy/sy hoofsaaklik sy/haar woorde aanwend./verdiep die inhoud tot 'n versugting t.o.v. die positiewe gebruik van woorde. √<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 9.6 | Dat mense van grense sal vergeet. √<br>Dat mense vir mekaar sal omgee. √<br><br>Ja<br>Daar is baie mense wat moeite doen om grense af te breek m.b.v. "woorde"./mense wat "woorde" gebruik om ander seer te maak./te verneder./te misken./te boelie./grense te regverdig./konflik te veroorsaak./mense te vernietig.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die gedig suggereer dat daar steeds mense is wat woorde gebruik om ander seer te maak./mense is wat woorde gebruik om oorloë te (probeer) keer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord binne konteks vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

## VRAAG 10: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Hoewel Iris grootword in 'n konserwatiewe samelewing, beïnvloed haar huisgenote haar om liberaal, andersdenkend, selfs eksentriek te wees./**Bv. bl. 15: *Dis nie kampvuur-as waarmee sy daar borsel nie.*
- **Iris se huis is onkonvensioneel; terwyl sy die jongste kind is, luister niemand ooit werklik na haar of haar opinies nie. Dit laat haar voel dat wat sy sê, nie belangrik genoeg is nie. Sy word stilgemaak wanneer sy haar opinie wil lug**./Bv. *bl. 20: "Stil, Iris," het Pa kwaad gesê. "Aan jou stuiwer het ons nie 'n behoefte nie."*/Bl. 26: *"Iris!" het Elsa geknor. "Gee jy om as ek klaar praat?"*
- **Iris se huislike omstandighede is so dat die ouer susters se speelgoed vir Iris aangegee word. Dit laat Iris afgeskeep voel; die speelgoed wat sy gekry het, was dié waarvoor haar susters moeg was**./Bv. bl.14: *"Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel."*
- **Iris is by die huis die laatlam van die gesin en voel voortdurend sy beweeg in die skadu van haar susters/sy voel daarom dat alles wat sy doen, onbenullig is – haar susters het dit reeds gedoen**./Bv. bl. 25: *"My dramas was onbenullig teen hulle s'n en selfs as daar ooreenkomste was, het almal teruggesit met 'n gevoel van déjá-vu."*
- **Iris is in hulle huishouding die jongste, haar susters is albei baie ouer as sy, met ander belangstellings; sy word dus 'n alleenloper**./Bv. bl.14: *Elsa en Kara het net twee jaar verskil, maar voor ek gebore is, het ses leë jare verbygegaan. Uit die aard van die saak was ek dus 'n alleenloper …*
- **In Iris se huis sien niemand haar raak nie,/is haar pa op die agtergrond,/haar ma verstrooid, gevolglik doen sy vreemde goed om die fokus op haar te kry**; **sy borsel bv. haar tande met uitgekrapte as uit die kaggel**./Bv. bl. 15: *Dis nie kampvuuras waarmee sy daar borsel nie.*
- **In Iris se huis word sy groot met 'n onkonvensionele ma, gevolglik tree Iris self by tye onkonvensioneel op; sy gaan in haar finale universiteitsjaar deur 'n eksistensiële periode**./Bv. bl. 25: *Ek het my lang hare stomp afgesny, los jurke gedra, 'n swaar donkerraambril aangeskaf en plat toerygskoene aangetrek.*
- **In Iris se ouerhuis word sy gedurig stilgemaak. Daarom skep sy vir haar 'n fantasiewêreld om in beheer te wees**, **want sy skryf Riekie (haar eerste kêrel ) oor**./ Bv. bl. 28: *Op pad terug huis toe in Pa se kar het ek weer aan Elsa gedink en so is 'n nuwe storie gebore.*
- **In Iris se huishouding ervaar sy nie baie liefde nie; daarom romantiseer sy die liefde./dink sy liefdesfantasieë uit./het sy romantiese drogbeelde./sien sy Elsa as 'n onromantiese bruid**./Bv. bl. 24: *Haai, sussie, ek sien swarigheid vir jou as jy nie gou van jou romantiese drogbeelde ontslae raak nie.*/Bl. 22: *… ek sit en dink aan die storie in my kop./* Bl. 23: *Hy wou my liefhê. Hierdie deel van my droom …*

- **In Iris se huislike omstandighede in Suid-Afrika groei sy op met 'n onbetrokke ma wat veroorsaak dat sy naïef/oningelig/impulsief/onvoorbereid op die wêreld is wanneer sy Amerika toe gaan**; **daarom word sy ingeloop deur 'n vuurhoutjiemaker./weet sy nie sy kan koffie in haar hotelkamer maak nie./laat sy toe dat 'n onbekende man (Joe) foto's van haar neem**./Bv. bl. 123*: "Ek versamel vuurhoutjiedosies," … Hy het lieftallig geglimlag. … sy rekening ook op my tafel gesit, …*/Bl.119: *"Ek het nog nie eens koffie gehad nie …" "Ek sal gou vir jou maak, …" "Hoe't jy geweet dis daar?"*/Bl. 105: *"Jy moet versigtig wees."*
- **Iris se huislike omstandighede/haar ma en pa se onkonvensionele huwelik/Bettie en Brian se verlowing in Vermont, terwyl hulle waarskynlik nie sal trou nie, veroorsaak dat Iris haar bedenkinge oor die huwelik het**./Bv. bl. 139: *Dit sal trauma wees vir die kinders.*/Bl. 154: *"Sy (Bettie) wil trou." "Dis wat alle vrouens wil hê." "Behalwe ek."*/Bl. 82: *"Trou?" het ek gevra. "Ek wil nie trou nie." My redes was moeilik verklaarbaar, selfs aan myself. Die onwilligheid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie …*
- **Dr. Anders se spreekkamer/praktyk bied vir Iris 'n veilige ruimte waarin sy skeppend kan wees; haar kan oorgee aan haar fantasiewêreld. Sy wou 'n werk hê wat nie haar gedagtes in beslag neem nie**./Bv. bl. 42: *My kop sou onbetrokke bly.*
- **By dr. Anders se spreekkamer verander die situasie wanneer Frederik, dr. Anders se plaasvervanger, Iris begin uitneem; sy vatterigheid irriteer Iris so dat sy haar vlerke sprei; sy besluit daarom om op Peter se uitnodiging na Amerika te gaan**./Bv. bl. 79: *Ek het verkies om dit andersom te doen omdat ek so gou as moontlik onder Frederik se verwytende oë wou uitkom.*
- **In Frankryk word Iris se menswaardigheid positief beïnvloed; *sy kry erkenning wanneer sy vir 'n model aangesien word;* een van Kara se vriende bied aan om foto's van haar te neem**./Bv. bl. 92: *"Is jy 'n model?" het hy gevra. "As jy wil, sal ek foto's van jou neem," het hy aangebied.*
- **In Frankryk ontstel een van die gaste Iris sodanig dat sy wil reageer, maar die Engel keer haar; Iris betree 'n nuwe fase in haar lewe waarin die Engel 'n beduidende rol in haar lewe speel./Iris laat toe dat die Engel haar van raad bedien./voorsê hoe om op te tree**./Bv. bl. 92: … *ek het die vae omlyning van 'n Engel gesien. "Moenie jou aan hom steur nie," het iemand sag gesê.*
- **In Frankryk veroorsaak die liefdevolle gemeensaamheid tussen Claude en Kara dat sy die gemis aan liefde intens ervaar./sy eintlik wegkyk van die liefdesgebaar wat Kara maak, aangesien sy onverhoeds betrap is deur die verlange**./Bv. bl. 91: … *'n gebaar so vol liefde dat ek vinnig weggekyk het, meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.*
- **In Amerika/Vermont ontmoet Iris vir Bettie en later, terug in Suid-Afrika, vir Merel – albei sterk liberale vroue met sterk oortuigings wat Iris laat voel dat sy tekort skiet en haarself en ander faal**./Bv. bl.138: *"Jy moes dit nie gedoen het nie! So 'n kans kry 'n mens net een keer in 'n leeftyd."*/Bl. 204: *"Ek het gevoel dat ek gefaal het …"*
- **In Vermont/Amerika veroorsaak die huislikheid met die kinders dat Iris besef sy wil trou en kinders hê./met ander oë na Peter asook die kinders kyk**./Bv. bl. 154: … *en ek het 'n aantekening gemaak van die feit dat Peter 'n goeie pa sou maak.*/Bl. 158: *Ek het hulle toegemaak en op die voorkop gesoen en besef dat ek dit nogal geniet het om huis-huis te speel met twee regte kinders.*
- **In Vermont waar Iris-hulle tydens hulle vakansie in 'n vakansiehuis weens die sneeu vasgekeer is, kry sy die geleentheid om die fokus op haar te kry, maar met verreikende gevolge, sy dink Bettie het gif gedrink en in haar en Peter se poging om die motor uit die sneeu te grawe, breek sy haar enkel**./Bv. bl.163*: "Het jy iets gedrink?" "Gif," het sy gesê, …*/Bl.169*: "Hy't 'klieks' gemaak soos 'n droë stok," het ek gesê. "Dis gebreek!" het ek geroep.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan.

**VRAAG 11: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Vermont/Brian se vakansiehuis/Amerika √<br><br>Sy is na Vermont toe nadat Peter aan haar 'n ultimatum gestel het./Peter het 'n ultimatum aan haar gestel. √ | 1<br><br>1 |
| 11.2 | Sy is veglustig./bevooroordeeld./humeurig./emosioneel √ | 1 |
| 11.3 | Brian se kinders/Denise/Junior √<br>Iris begin dink/besef dat kinders in die huwelik tog nie so sleg is nie./kan werk./<br>Sy besef dat sy dit geniet om "huis-huis" te speel./dink die huwelik is nie onaanvaarbaar nie. √ | 1<br><br>1 |
| 11.4 | Hulle is susters. √<br><br>Elsa is vir haar 'n rolmodel met betrekking tot presiesheid./<br>Sy sien dat die huwelik 'n vrou sagter kan maak./'n vrou se lewensuitkyk kan versag./<br>Iris het deur Elsa dop te hou, vasgestel hoe sy in soortgelyke situasies moet optree./<br>Elsa laat Iris minderwaardig voel./By Elsa is Iris altyd stilgemaak./leer sy dat sy nie 'n sê het nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied binne konteks enige TWEE invloede vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 11.5 | Hulle verlekker hulle in Elsa se verleentheid. √<br>Hulle geniet dit omdat Elsa hier nié in beheer is nie. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Elsa probeer altyd voorsiening maak vir elke soort gebeurlikheid/is perfeksionisties, maar hier was sy nie in beheer nie./het haar voorbereiding misluk. √<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die saak vir EEN punt aan.* | 2<br><br>1 |
| 11.6 | Iris se ma/Els was verstrooid./het nie baie aandag aan die dogters se grootmaak geskenk nie. √<br><br>Johanna leer Iris-hulle hoe om hulle hare te vleg./kritiseer Iris wanneer sy voel haar hare is nie na wense nie./vermaan Iris in 'n brief om versigtig te wees vir vreemdelinge./gee Iris opdrag om haar welstand dop te hou./gee vir Elsa pêrels wanneer sy op wittebrood gaan./pas Elsa se kinders op. √√<br><br>*Die kandidaat gee TWEE soortgelyke voorbeelde vir EEN punt elk.* | 1<br><br>2 |
| 11.7 | Gesprek tussen Ma en Elsa oor Hannes se (vermoedelike) ontrouheid./Iris en die Engel oor die Engel wat in gebreke gebly het om Hannes dop te hou./Vermoedelike ontrouheid van Hannes.√ | 1 |
| 11.8 | Iris √<br><br>Ja<br>Sy maak die gebeure geloofwaardig omdat sy dit self ervaar./Sy ervaar die gebeure eerstehands, daarom is dit geloofwaardig. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.9 | Iris is behep/het 'n obsessie met/hunker na haar blomtyd. √<br><br>Ja<br>Iris besef jy wag nie vir 'n enkele blomoomblik nie./Iris besef dat 'n mens se lewe uit onsamehangende flardes bestaan./nie 'n enkele blomtyd nie./<br>Sy besef alle bolle kom nie noodwendig tot blom nie./<br>Sy besef elke geleentheid is 'n blomoomblik./<br>Sy besef dat sy nie haar blomtyd aan 'n naam kan koppel nie, want 'n naam is net 'n naam./<br>Sy besef dat Peter beter as 'n fantasie is./<br>Iris weet dat die modelkontrak nie haar blomtyd was nie. √√√<br><br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>3 |
| 11.10 | Hy vind Iris vreemd, want sy praat met 'n engel./<br>Hy dink Iris kan goël/toor./<br>Peter se pa wou nie toelaat dat Iris saam na die duiwe gaan kyk nie, want hy was bang sy sal die wyfies wat broei, ontstel. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan*. | 2 |
| 11.11 | Nee<br>Elsa se verleentheid is nie 'n blomoomblik nie.<br><br>"… een van die skulpe begin wegloop en 'n slymspoor oor die gestyfde tafeldoek gelaat het."<br>**OF**<br><br>Ja<br>Omdat almal kon sien hoeveel moeite Elsa gedoen het, sal dit (seker) 'n blomoomblik verteenwoordig./<br>Die slak het onverwags beweeg, al was dit nie ongesiens nie./<br>Die gebruik van slakke as tafelversiering is redelik ongewoon. √<br><br>"Elsa het nooit net 'n tafel gedek nie; sy het altyd 'n kleurskema, 'n tema en iets pikants of ongewoons as versiering." √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke motivering vir EEN punt aan.*<br>*Die gepaste aanhaling verdien EEN punt.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

## VRAAG 12: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Baas is 'n alleenkind; sy ouers verhuis in 1966 van Houtboschberg in Suid-Afrika na Sable Ranch in die suide van Rhodesië; hy mis nie ander mense se geselskap nie./ hy hou van alleenwees**./Bv. bl. 11: *Die jong Baas Chipman voltooi sy skoolopleiding op Louis Trichardt waar hy bevriend raak met die dorpsbibliotekaresse …*/Bl. 11: *… wat hom voorsien van leesstof oor Suid-Afrika se noordelike buurlande, veral Zambië en die gedeeltes rondom die Zambezirivier.*/Bl. 137: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap."*
- **Die afgesonderdheid van die plaas veroorsaak dat Baas 'n alleenmens bly wat tevrede is met sy eie geselskap./sy vriende min is./bevriend raak met die dorpsbibliotekaresse in Louis Trichardt, waar hy skoolgaan**./Bv. bl. 11: *Die jong Baas Chipman voltooi sy skoolopleiding op Louis Trichardt waar hy bevriend raak met die dorpsbibliotekaresse …*/ Bl. 137: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap."*
- **Sable Ranch se afgesonderdheid veroorsaak dat hy in Louis Trichardt moet skoolgaan/alleenheid maak van Baas 'n boekwurm/leser./lei daartoe dat hy drome droom om in sy oupagrootjie se voetspore te volg./die Zambezi wil verken./ van kleintyd af gedroom het oor 'n boot op die Zambezi./**Bv. bl. 11: *Die jong Baas Chipman voltooi sy skoolopleiding op Louis Trichardt …*/Bl. 11: *… wat hom voorsien van leesstof oor Suid-Afrika se noordelike buurlande, veral Zambië en die gedeeltes rondom die Zambezirivier.*/Bl. 137: *"Ek kom goed klaar sonder geselskap."*/Bl. 137: *"Jy is nie gewoond om jou lewe met ander mense te deel nie, is jy?"*/Bl. 10: *Gedurende skoolvakansies roei hy dae lank met sy selfgemaakte blikskuit … voel hy dikwels dat hy met elke tree in die spoor van sy oupagrootjie trap.*
- **Op Sable Ranch boer die gesin met beeste wat 'n liefde vir spesifiek Brahmane by Baas ontwikkel. Daarom is dit vir hom traumaties om later, na die vryheidstryd, die diere te moet skiet**./Bv. bl. 11: *Hulle verkoop die saagmeule en word beesboere.*/Bl. 186: *Hy onthou ook sy grond wat hy verloor het en die seisoen waarin hy sy beeste soos wildsbokke moes jag en afmaai. Hy was lief vir sy beeste. Hulle het name gehad …*
- **Op Sable Ranch sien hy hoe belangrik hulp aan mense is, want sy pa rig 'n kliniek op om mense van die omgewing te help./versorg./dokter. Dis iets wat deel word van Baas se menswees – daarom kan hy later nie anders as om ook by mense betrokke te wees nie**./Bv. bl. 23: *"Die ding wat jou pa oor sy kliniek gehad het, is 'n ding wat in die Chipmans se bloed loop," het Mart hom herinner.*/Bl. 29: *Baas weet dat hy hom gaan laat saamsleep.*/Bl. 29: *Hy staan op en loop terug na die hut waar die siek kind lê.*/Bl. 30: *Ligdag gaan gee Baas vir die kind die laaste twee pille van die dosis.*/Bl. 43: *Hy het met die voet Mubuyu toe geloop, waar hy ouma Essie gehelp het om Grace chlorokien in te gee.*/ Bl. 63: *"En dis hierdie soort ding wat my só gemaak het. Ek het niks meer om te gee nie."*
- **Op Sable Ranch is honde deel van die gesin se leefwêreld; hierdie liefde vir honde lei daartoe dat Baas nooit sonder honde is nie./altyd 'n leierhond met die naam Brindle het**./Bv. bl. 12: *En wanneer die Bybel laataand uit die jagbagasie gehaal word, weet hy dis amper slaaptyd … Eers as die Bybel weer gebêre word, maak hy hulle met 'n tevrede sug toe …*
- **Op Sable Ranch ervaar Baas vyandigheid/spanning/gevaar/breek die Rhodesiese vryheidstryd uit wat Baas dwing om teen die vryheidsvegters te gaan veg./veroorsaak dat hy, as soldaat, nie tuis is toe sy ouers vermoor word nie./veroorsaak dat Baas vir jare**

**daarna 'n soort wrok teen plaaslike inwoners koester./hom aan mense onttrek**./ Bv. bl. 11: *Hy doen verpligte militêre diens en bevind hom, as lid van die berugte Selous Scouts van Suid-Rhodesië, midde-in die bloedige slagting van baie jare.*/Bl. 63: *"Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"*

- **Baas se ouerloosheid/skuldgevoel oor sy ouers se dood veroorsaak dat hy 'n soort wrok teen die Here ontwikkel wat hom mettertyd van die Bybel/sy godsdienssin ver-vreem**./Bv. bl. 12: *Die gedeelte wat Baas in hierdie tyd dikwels hardop uit sy oupagrootjie se verweerde Bybeltjie met die bruin omslag lees, is die Psalm wat mense graag …* teenoor bl. 13: *Selfs toe Baas later die Bybel minder gereeld uithaal, en uiteindelik glad nie meer nie, is dit of die hond …*/Bl. 43: *"Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie …"*/ Bl. 43: *"Wat de donder het haar dié idee gegee?"*
- **Die guerilla-oorlog en vyandigheid op Sable Ranch lei tot Baas se ouers se dood wat hom traumatiseer/vir hom konflik veroorsaak omdat hy skuldig voel oor hulle dood./ dink dat hy hulle van die plaas moes weggeneem het**./Bv. bl. 23: *Al waaroor hy tóé jammer was, was dat hy nie sy pa en ma uit die land gevat het ná die eerste aanval op die plaas nie. Tog het hy geweet hy sou sy pa nooit van sy kliniek af kon wegkry nie. "Die ding wat jou pa oor sy kliniek gehad het, is 'n ding wat in die Chipmans se bloed loop," het Mart hom herinner.*
- **Die omstandighede op Sable Ranch versleg wanneer die nuwe regering in Suid-Rhodesië weier dat Baas die plaas erf, want hy is 'n gebore Suid-Afrikaner./nie 'n Rhodesiër nie. Dit beïnvloed sy lewe, want om sy beeste te jag/dood te skiet in 'n poging om dit verkoop te kry om darem iets van sy erfporsie te kan red, veroorsaak dat hy 'n harde/eensame/inkennige/verbitterde mens word**./Bv. bl. 12: *Met die verkryging van onafhanklikheid is die stryd vir Baas nog nie verby nie. Hy word as 'n uitlander beskou en beland in 'n jarelange politieke oorlog om iets van sy erfporsie te probeer behou.*/Bl.186: *Hy onthou ook sy grond wat hy verloor het en die seisoen waarin hy sy beeste soos wildsbokke moes jag en afmaai … Dit was 'n seisoen wat vir hom te lank geword het.*
- **Die ekonomiese en/of politieke situasie/vyandigheid/uitsigloosheid op Sable Ranch dwing Baas om sy geld te gebruik om vir hom 'n nuwe Land Rover te koop./noop Baas om terug te keer na Suid-Afrika**./Bv. bl. 13: *Baas verloor al sy familiebesittings, insluitende die plaas.*/Bl. 13: *In 1991 pak hy sy aardse besittings op die Land Rover en gaan terug na sy plek van herkoms om iets van die drome van sy jeugjare te vind.*
- **Die maande wat hy alleen in die veld op Sable Ranch deurbring in 'n poging om sy beeste te jag, veroorsaak dat Baas vervreem raak van ander mense./min behoefte het aan ander mense; sy skoolmaats/selfs sy familie ontgroei**./Bv. bl. 26: *"'n Mens ontgroei jou skoolmaats," het Baas geantwoord, onwillig om dit te bespreek.*
- **Die alleenheid/ouerloosheid/spanning wat Baas vir maande op Sable Ranch ervaar, het beslis 'n invloed op Baas se gemoedstoestand en menswees; wanneer hy by sy familie in die Houtboschberg vertoef, slaap hy in die kerkhof./tree hy vreemd op./ kom Mart agter dat hy verander het./gaan kuier hy nie eers vir Ngwako in die hospitaal nie**./Bv. bl. 22: *"Dis nie goed wat in 'n mens se klere bly sit nie. Moenie maak of dit nie bestaan nie. Dis meer as twintig jaar sommer net so weg. Miskien die beste jare van 'n mens se lewe … Jou pa en ma, die plaas wat jy verloor het, die beeste. Jy het baie verander, Baas."*
- **Baas vestig hom op Manaka Evangelical Mission, die plek waar sy oupagrootjie feitlik 100 jaar voor hom 'n sendingstasie en skooltjie bedryf het. Hierdie sendingomstandig-hede/nalatenskap veroorsaak vir Baas geweldige spanning/konflik, want hy wil alleen gelaat word./wil niks met godsdiens/die sendelinge/arm, versukkelde Lozi's te make hê nie**./Bv. bl. 43: "*Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry.*"/Bl. 91: *"Ek het maar net gedink ek sal jou mond toehou. Die laaste keer toe iemand jou 'n Christen genoem het, het jy baie lelik gepraat."*/Bl. 107: *"Ek glo nie dis hoe die Here dit bedoel het nie, neef. Hierdie Manaka is die plek waar Hy sy vlammetjie aangesteek het … baie lank gelede."*

- **Op Manaka bestaan daar geen sosiale interaksie nie, wat Baas pas, maar hy word teen sy sin by die omstandighede in Barotseland betrek, want naasteliefde/die Ubuntu-beginsel geld in Barotseland./die khuta verwag van hom om vir hulle met sy bakkie rywerk te doen./die Lozi's maak aanspraak op sy tyd/geld/medisyne/kos wat hom finansieel ruïneer**./Bv. bl. 93: "*Ek wil ook nie weet van werksoekers en siek mense en honger mense en weeskinders en kruppel vrouens en sterwendes wat met 'n slee na my toe aangery word nie.*"/Bl. 91: "*Hy gee vir baie mense pille as hulle siek is. Hy gee ook kos vir die mense wat honger is. Hy is 'n goeie man."*
- **Manaka se ligging veroorsaak dat muskiete deel is van die milieu; dit veroorsaak vir Baas geweldige probleme, aangesien hy genoeg medisyne vir eie gebruik het, maar dit uitdeel aan ander mense wat siek is. Gevolglik het hy nie medisyne toe hy self siek word nie**./Bv. bl. 41*: "Ek het gehoor dat jy malaria het, meneer Baas*."/Bl. 42: "*Maar jy weet tog ek het nie meer pille nie. As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!"*
- **Baas is op Manaka uitgelewer aan die uitbuiting deur die khuta wat daartoe lei dat hy konsessiegeld betaal./sy konsessiegeld verhoog word./hy vir die khuta pale moet aanry./uiteindelik besluit om weg te gaan omdat hy niks geld het om ekstra aan hulle te betaal nie**./Bv. bl. 87: *Hy bring 'n boodskap vir Baas, sê hy. Die khuta wil met hom praat./* Bl. 123: *"Letter! Khuta! Now!" sê hy, tree terug en gaan sit.*/Bl. 126: "*Hulle wil 'n aandeel hê. Die geld wat hulle vir die konsessie wil hê, word ook nou meer omdat jy moet betaal vir besigheidsregte.*"/Bl. 170: *"Daarom is dit 'n goeie ding dat julle die man wat wit is, weggejaag het met julle gierigheid."*
- **Op Manaka kry Baas met tipiese Afrika-bygelowe te make wat veroorsaak dat niemand Baas wil help toe hy siek word nie./wat veroorsaak dat slegs Grace bereid is om Baas te versorg, want meneer Chisupo kan toor**./Bv. bl. 42: "*Baie mense het gekom om my te help maar meneer Chisupo het hulle verhinder."*/Bl. 149: *"Hy is nie van die Here nie. Hy hoort nie hier nie," sit ouma Essie haar geveg met meneer Chisupo voort …*
- **Hospitale is skaars en ver van Manaka geleë; gevolglik moet Baas weens malaria 'n paar dae in Ngweze se hospitaal deurbring. Dit dwing hom tot 'n soort afhanklikheid van (veral) Grace./Whitey (vir vervoer)/die plaaslike mense./Hy begin besef 'n mens kan nie sonder ander mense leef nie**./Bv. bl. 61: *"Jy vergeet dat jy eintlik al klaar dood was. Dit is net die Here wat gemaak het dat jy nou hier sit. Miskien sal jy nie gou weer kan gaan jag nie, jy is te swak."*
- **Baas word op Manaka gekonfronteer met die Lozi-kultuur waarvan hy nie kennis dra nie. Om konflik met die khuta te voorkom, lei Grace hom in die gebruike en gewoontes van die Lozi-mense in, nl. om o.a. respek te betoon. Dit maak dit vir hom moontlik om redelik goed met die meeste van die Lozi's oor die weg te kom**./Bv. bl. 97: *"In ons stam moet jy respek betoon."*
- **Omdat Manaka 'n eertydse sendingstasie is, kom die sendelinge ongevraagd/ongenooid hulle intrek neem terwyl Baas in die hospitaal is; dit ontstel Baas hewig, want hy wil niks met godsdiens/Christenskap te make hê nie, boonop wil hy niks met die hoogmoedige helikopter-pilot en sy vrou te make hê nie./is hy nie bereid om sy blyplek met mense te deel nie./wil hy nie verantwoordelik gehou word vir die bouwerk en herstel van die sendingstasie nie./wil hy tyd hê om sy boot op die water te kry**./Bv. bl. 41: *Baas herwin sy bewussyn. "My boot!" kerm hy.*/Bl. 82: *"Wat soek julle in my kamp?" vra Baas.*/Bl. 82: *"Dis mý kamp die," sê hy weer.*/Bl. 86: *"Die vloek!"*
- **Om te kan bly voorsien aan almal wat Baas se lewensmiddele nodig het, iets wat Baas se lewe op Manaka kenmerk, word Baas (weer eens) 'n jagter in 'n poging om te oorleef – hy skiet wilde diere en probeer van die vleis verkoop, maar die plaaslike bevolking weet dat hy ook dikwels vleis weggee aan mense wat nie kan betaal nie. Die gevolg is dat Baas finansieel niks beter daaraan toe is nie.***/Bv. bl. 178: "Ek dink nie jy druk my nie, Whitey. Ek dink net jy is by die verkeerde adres."/Bl. 179: "Ek is op my laaste sak meel."*

- **Die khuta se korrupsie/uitbuiting/gierigheid op Manaka en teenoor Baas lei daartoe dat Baas meer konsessiegeld moet betaal./dwing Baas, wat reeds nie meer geld het nie, tot die besluit om weg te gaan, maar Grace se opmerking oor sy oupagrootjie laat hom van besluit verander, want sy herinner hom aan sy droom**./Bv. bl. 180: "*As daar op hierdie oomblik een ding was wat jy kon gekies het om klaar te maak …*"/Bl. 180: *"Die ou man in jou huis sê dis te min." Sy hou die munt reg voor sy oë. "Hy sê die prys van die weddenskap is tien bokke en 'n kind.*"
- **Die sendinggedagte wat steeds op Manaka leef, veroorsaak dat Baas kort-kort by Ouma Essie/Grace/Whitey hoor hoe sy oupagrootjie die plaaslike bevolking op Manaka laat skoolgaan het, en hoe hy mense gedoop het wat hom intens ontstel, want hy wil niks met godsdiens te make hê nie**./Bv. bl. 43: "*Sê vir daardie ouma Essie van jou ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry*."
- **Die teenwoordigheid van Ouma Essie, die Profeet van die Bybel, op Manaka veroorsaak dat hy aanhoudend hoor dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is./dat hy 'n Christen is omdat hy 'n goeie mens is**. **Dit krap hom geweldig om, maar later besef hy 'n mens kan jou eie godsdienssin verloor en dit weer terugvind./dat hy wel op Manaka is met 'n groter doel as om bloot 'n boot te bou./besef hy die mense se behoefte aan 'n geestelike leier**./Bv. bl. 178: *"Hy was nogal 'n groot ou Christen ook, weet jy … hy was 'n doperige ou Christen," sê Whitey.*/Bl. 201: *Ek het my laat vind deur die wat My nie gesoek het nie, het hy in Whitey se Bybel gelees*./Bl. 210: *Hoekom het hy nooit gewonder of hy die Bybel glo, tot ouma Essie dit vir hom gevra het nie?*/Bl. 244: *Sy gee die koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas.*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 13: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Sy (Kanadese) regering/Staatsmuseum √ | 1 |
| 13.2 | Hy raak betrokke by sendingwerk op Manaka./<br>Hy leer plaaslike kinders om te lees/te skryf./<br>Hy trou met 'n plaaslike vrou./<br>Hy kry malaria wat hom dwing om terug te gaan Suid-Afrika toe. √√√<br>*Die kandidaat noem enige DRIE redes vir EEN punt elk.*<br>Hy wil sy oupagrootjie se drome bewaarheid. √ | 3<br>1 |
| 13.3 | Nee<br>"Baas" is bloot wat die plaaslike Lozi's hom begin noem./Dit word sy naam omdat hy wit is./<br>Hy tree nooit meerderwaardig/rassisties/verkeerd teenoor die plaaslike bevolking op nie./probeer die plaaslike bevolking ophef./leer./bekeer./trou met 'n Lozi. √ | 2 |
| 13.4.1 | Nadat hy besluit het om sy rol as geestelike leier in te neem./hy besef het dat hy met 'n doel na Manaka gestuur is. √<br>Dat hy finaal besluit het om daar te bly. √ | 1<br>1 |
| 13.4.2 | Die moord van sy ouers lei daartoe dat Baas 'n wrok teen swart mense koester./<br>Hy het nog nie sy ouers se moordenaars vergewe nie./<br>Hy dink hy het nie ander mense/geselskap in sy lewe nodig nie./<br>Hy besef dat die khuta hom uitbuit. √ | 1 |
| 13.5 | Ja<br>Baas skiet 'n bok om Johnnie se lobola vir sy vrou en kind te betaal./<br>Hy skiet Morena as losprys vir Johnnie se vrou en kind.<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke motivering vir EEN punt aan*. | 1 |
| 13.6 | Hy is kwaad vir die Here. √<br>Ja<br>Hy suggereer dat hy die rol van die geestelike leier op Manaka wat vir ander mense omgee./hulle belange op die hart dra, aanvaar./<br>Hy bid vir die siekes (ouma Essie)./<br>Hy suggereer dat hy die kerk se bouwerk sal klaarmaak./<br>Hy herstel die bankies onder die worsboom met die oog op 'n bymekaarkomplek vir mense./<br>Hy gee Indoena Joseph se lyfband terug omdat hy dit nie meer nodig het nie. √√<br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>2 |
| 13.7 | Houtboschberg/Noord-Transvaal/Suid-Afrika √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.8 | Baas was ongelukkig/hartseer oor die houtbankies in die slag moes bly toe hy/hulle die boot tot by die rivier gebring het, maar sy strewe om 'n boot te hê, het swaarder geweeg as die omgee vir die houtbankies./omdat die boot vir hom op daardie oomblik belangriker was, het hy beloof om die bankies te vervang./<br>Nanna wou die bankies herstel, terwyl Baas baie sterk daaroor gevoel het dat hy self die werk wou doen. √<br><br>*Die kandidaat moet die twee kante van die konflik in die antwoord aanbied.*<br><br>Whitey bring vir Baas planke/stutpaaltjies om die houtbankies te herstel sodat Manaka weer houtbankies het soos in sy oupagrootjie se tyd./<br>Whitey se optrede laat Baas geen ander keuse as om by die gemeenskap betrokke te raak nie, net soos die oupagrootjie by die gemeenskap betrokke was./<br>Whitey se daad bevestig dat Manaka, soos in hulle oupagrootjie se tyd, 'n plek is waar die gemeenskap behoort te vergader./leer./kerk hou. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die verband tussen die huidige Manaka en die vroeëre Manaka moet duidelik blyk.* | 1<br><br>2 |
| 13.9 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Hy lei af/suggereer dat Baas se bene lam is, maar beskryf net die handeling./<br>Hy interpreteer dat die agtponder Baas se gedagtes ver na sy oupagrootjie terug-voer./<br>Hy weet nie wat in Baas se kop aangaan nie./Hy lei af wat Baas dink. /Hy weet wat Whitey doen./Hy rapporteer net wat die karakters doen./<br>Hy moet interpreteer waarom Baas iets doen./wat Baas dink. √ | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Dat hy en Whitey dieselfde oupagrootjie het./die agtponder ook aan sý oupagrootjie behoort het. √<br><br>Om vir Whitey te bevestig dat hulle dieselfde oupagrootjie het./dat hulle familie is. √ | 1<br><br>1 |
| 13.11 | Dat hy sy oupagrootjie erken as die eienaar van die agtponder./<br>Dat hy uiteindelik die agtponder van sy oupagrootjie in sy hande vashou./<br>Dat alles wat hy oor sy oupagrootjie gehoor/gedroom het, nou 'n werklikheid is. √<br><br>(Hy gaan sit: handeling)<br>Omdat hy bevestiging kry dat hy en Whitey dieselfde oupagrootjie het./ familie is./emosioneel geraak is deur die besitting wat aan sy oupagrootjie behoort het./<br>Omdat hy ontsteld/emosioneel/geroer is by die wete dat sy oupagrootjie regtig op Manaka gewoon/gewerk het.<br><br>(Hy lig die agtponder: handeling)<br>Omdat hy wil voel hoe dit destyds vir sy oupagrootjie sou voel om dit te doen.<br><br>(Hy skink 'n dop: handeling)<br>Omdat hy buitengewoon geroer is/geraak is deur die besef dat al sy drome oor sy oupagrootjie nou 'n werklikheid is. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Dele tussen hakies verdien nie die punte nie; punte word slegs vir die redes toegeken.* | 1<br><br>2 |
| | | **[25]** |

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

## VRAAG 14: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie bly in Vatmaar net na die Anglo-Boereoorlog gedurende 'n tyd wat gekenmerk word deur armoede/werkloosheid/swaarkry**. **Tant Wonnie kry gevolglik baie swaar en moet daagliks hard werk bloot om te kan oorleef**./Bv. bl. 111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.*
- **Tant Wonnie leef teen die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog; sy is 'n alleenouer na Heinrich se dood in die oorlog**./Bv. bl. 111: … *wat Tant Wonnie se man geplant het die dag voor hy weg is oorlog toe …*/Bl. 179: *Ja Mineer, ag, en Heinrich het gesê as hy terugkom van die oorlog af sal ons met 'n ring trou. Maar my Heinrich het nooit van die oorlog teruggekom nie.*
- **Vatmaar is 'n nedersetting waar uitgewekenes wat nêrens elders welkom is nie, woon; Tant Wonnie se Duitser-Baster-afkoms maak haar onaanvaarbaar in die wit gemeenskap./In die Vatmaar-gemeenskap beleef sy eweneens baie jaloesie en haat**./Bv. bl. 125: *Een koue wintersoggend het Tant Wonnie wasgoed vir 'n swart Bruinvrou gewas – die soort wat wit bruinmense haat.*/Bl. 112: *Uit jaloesie is daar slegte dinge oor Tant Wonnie gesê.*
- **Die Vatmaar-gemeenskap word deur vooroordeel gekenmerk – iets wat Tant Wonnie ook ervaar: die haat van swart mense (bv. Settie September) veroorsaak dat sy vals beskuldig word./gehaat word./ná die vals beskuldigings oor die sg. diefstal word sy (onskuldig) gebrandmerk deur Vatmaar se mense sodat sy van hulle vervreemd raak**./Bv. bl. 125: … *dié soort wat wit bruinmense haat.*/Bl. 127: *Sy's 'n dief! Sy's 'n dief! Tant Wonnie het haar kop gelig en na hulle gekyk want hulle het haar nie bang gemaak nie.*/Bl. 125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's 'n dief, jou wit baster!*/Bl. 126: *Settie, het hulle gesê om haar te troos, om te dink ons het haar altyd gevertrou.*/Bl. 229: *Djy wiet, ek sê ghelle sy is dangerous en sy het baie sterk toormedisyne.*
- **Tant Wonnie, net soos die mense in Vatmaar, is arm/het min besittings/leef onder die broodlyn/moet baie hard werk om te kan oorleef. Tant Wonnie het op genade in 'n buitekamer gebly./op die grond geslaap./Die gevolg van hierdie armoede was dat Tant Wonnie op verskillende plekke en vir verskillende mense gewerk het in die hoop dat hulle haar iets sou gee om van te leef**./Bv. bl. 111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.*/Bl. 112: *Sonder om te dink wat môre sal bring, het hulle wakker gelê op hulle grondbed, sonder begeertes en sonder hoop, so gelukkig en tevrede …*/Bl. 112: *Tant Wonnie was die wasvrou en veral mense met 'n donker velkleur het daarvan gehou dat sy vir hulle werk. Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet en Tant Wonnie het met trots gesê: Ons het nog nooit honger gaan slaap nie.*
- **In Vatmaar beleef Tant Wonnie rassisme, want sy is te donker om in 'n wit gemeenskap tuis te voel, maar vir die Vatmaar-gemeenskap is sy te lig: Settie September beskuldig haar vals omdat sy haar haat; sy moet geboei voor die perd uitloop toe sy polisiestasie toe geneem word**./Bv. bl. 125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's 'n dief, jou wit baster!*

- **Tant Wonnie ervaar op Vatmaar ook magsmisbruik: Piet de Bruin probeer om haar te verkrag wat vir haar traumaties is./haar opnuut haar liefde vir Heinrich laat ontdek het**./Bv. bl. 134: *Daardie Saterdag het ek byna vir hom ingegee, het Tant Wonnie nou sit en dink. Maar danksy my geliefde Heinrich, wat vir my nog lewendag was al het hy nie meer geleef nie, kon ek my teensit.*
- **Die magsmisbruik wat daardie tyd kenmerk, bring vir Tant Wonnie baie leed wanneer haar dogter Kaaitjie sterf as gevolg van die baba/tronkstraf/gebrek aan mediese versorging./sy verloor haar kind as gevolg van Mevrou Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaaitjie se swangerskap omdat dit uitloop op tronkstraf en haar (Kaaitjie se) dood**./Bl. 268: *Toe haar kind die laaste swakke asem uitblaas, het sy buite teen die ou doringboom gaan staan. Haar oë was oop, maar sy het niks gesien nie …*
- **Tant Wonnie se lewe op Vatmaar na Heinrich se dood is gekenmerk deur armoede en swaarkry omdat sy nie wettig met hom getroud is nie en dus nie geregtig is op sy oorlogspensioen nie**. **Dit dompel haar in armoede./veroorsaak dat sy daagliks baie hard moet werk om te kan oorleef**./Bl. 206: *Toe ek die telegram kry dat jou pa dood is, is ek na die army se pay-office toe … Ek het gesê ek is nooit met die ring getroud nie … Sorry I can't help you.*
- **Vatmaar se mense het in daardie tyd nie respek teenoor ander se besittings getoon nie, die naam "Vatmaar" dui aan dat jy mag vat wat jy nodig het**. **Tant Wonnie is baie sleg benadeel deur hierdie gewoonte/milieu; met haar terugkeer na haar huis ná Sannah Vosloo se dood tref sy haar huis in totale chaos aan, want al haar besittings is deur Vatmaar se mense uit haar huis gevat**./Bv. bl. 136: *Al die maande wat hulle weg was, was daar niemand om agter hulle buitekamer te kyk nie. … Alles wat binne was, was geplunder.*
- **Die gebrek aan menseregte in die tyd toe Tant Wonnie in Vatmaar gewoon het, het haar sleg benadeel**. **Toe sy (vals) van diefstal beskuldig en geboei voor die perd uitgejaag word, is sy verneder wat daartoe gelei het dat sy haar onttrek aan God./sê dat sy nie deel van húlle God wil wees nie./dat sy 'n nuwe insig in die liefde ontwikkel in die wete dat die liefde goed én sleg kan wees**./Bv. bl. 130: *Ek wil nie deel wees van hulle se God nie*.
- **Die nydigheid/haat/vooroordeel wat Tant Wonnie se tyd in Vatmaar kenmerk, lei tot positiewe gevolge vir Tant Wonnie wanneer sy in Du Toitspan erkenning kry vir haar verbintenis met Heinrich: sy kry ná die vals beskuldiging haar maandelikse pensioen**./Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow's pension.*
- **Die regspraak in Du Toitspan is aan Tant Wonnie se kant, want sy ontvang vergoeding vir haar vernedering nadat sy in Vatmaar in hegtenis geneem is om soos 'n misdadiger in die hof te staan wanneer die magistraat haar onskuldig bevind./die hof gelas dat daar vir haar 'n rok en skoene gekoop moet word./sy ook finansieel vergoed word vir haar onkoste en ongerief**./Bl. 180: *You are free to go, Mrs Müller … Tant Wonnie se innerlike wese het verby haar uiterlike omstandighede gestraal en by almal respek afgedwing.*/Bl. 180: *Toe draai die magistraat hom na die aanklaer: See that this woman receives a new pair of shoes and a dress. Also transport her back to …*/Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow's pension.*/ Bl. 181: *Veels geluk, het hy geglimlag, Mevrou Müller – en sy hand vir haar uitgehou.*
- **Die reg en geregtigheid/vryspraak/erkenning van haar onskuld in Du Toitspan herstel Tant Wonnie se menswaardigheid in Vatmaar; die oorlogspensioen wat sy met behulp van die magistraat ontvang, maak haar vry: dit stel haar in staat om nie meer ander mense se wasgoed te doen nie./Suzan is vry van die vernedering wanneer sy die Venters se bokke moes melk**./Bl. 194: *Die Venters se lui seuns kan van nou af hulle se eie melkwerk doen.*

- Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 15: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1.1 | Die verkoop van die diamante/verdeling van die geld √ | 1 |
| 15.1.2 | Die diamanttransaksie word suksesvol afgehandel./<br>Elkeen ontvang tweehonderd pond/baie geld./<br>Hulle kom weg met die diefstal van die diamante. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Hulle het 'n huis op Vatmaar wat hulle nie op die delwery gehad het nie. √ | 2<br><br><br><br>1 |
| 15.2 | Tant Bet word as 'n gewone mens wat lelike goed doen (vat), maar ook positiewe eienskappe het, aan ons bekendgestel.<br>Tant Bet se behandeling deur haar werkgewers, word oortuigend aangebied./pas by die tyd waarin sy geleef het./Tant Bet se ondervinding op die diamantdelwery word lewensgetrou voorgestel./Tant Bet ken die tradisies van haar mense, bv. die begrafnis van Ta Vuurmaak./die maak van khadi wat gepas/oortuigend is. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>Van Oubaas Swartz leer die leser net sy negatiewe eienskappe ken./ Dis onaanvaarbaar/onvanpas om jou werknemers so sleg te behandel soos hy dit doen. √ | 2<br><br><br><br>1 |
| 15.3 | Dit beklemtoon die ironie dat Jakob Kierie, wat Lena, Janman, Bet en Flippus by die polisie gaan verdag maak het/probeer in die moeilikheid kry het, toe self tronk toe is./<br>Dit hef uit dat Jakob Kierie vals is, want hy word aan dieselfde misdryf skuldig bevind./<br>Dit gee inligting oor 'n ander tyd en plek./<br>Dit dui aan dat daar by wit mense tog waardering vir hulle werkers is. √ | 1 |
| 15.4 | Oubaas Swartz het Flippus geslaan terwyl hy probeer weghardloop het om daarvan te ontkom. √<br><br>Oubaas Steenkamp het onwelvoeglike voorstelle aan Sus Bet gemaak waaraan sy nie wou toegee nie./waarna sy weggeloop het. √ | 1<br><br>1 |
| 15.5 | Flippus/Janman √ | 1 |
| 15.6 | Nee<br>Bet steel sonder dat mense dit agterkom./haar as skelm aansien./ervaar. √<br>Flippus steel twee diamante/geld terwyl die Oubaas onder die indruk is dat hy die eerlikheid self is. √ | 1<br>1 |
| 15.7 | Flippus is 'n Basoeto en Sus Bet 'n Griekwa-vrou./Flippus is swart en Sus Bet ligter van kleur. √ | 1 |
| 15.8 | Alomteenwoordige verteller √<br><br>Die alomteenwoordige verteller weet hier presies wat Tant Wonnie dink terwyl hy/sy ook weet van Settie September se verbasing./skuldgevoel./<br>Die alomteenwoordige verteller kan ook verhaal wat deur Mineer Jones vir Settie September gesê is./<br>Die alomteenwoordige verteller weet dat Stoffel Jones nie geweet het dat Tant Wonnie in die hof was nie. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.9 | Ja<br><br>(Verbasing:)<br>Sy het gedink Tant Wonnie sit in die tronk./is onder die indruk dat Tant Wonnie gestraf word vir haar sogenaamde diefstal (wat Settie versin het.)/<br>Die laaste wat sy van Tant Wonnie gesien het, is toe die polisieman haar geboeid Du Toitspan toe laat loop het./<br>Sy kon nie dink dat Tant Wonnie die nuwe klere/skoene by die tronk kon kry nie. √<br><br>(Kon haar nie in die oë kyk nie:)<br>Sy het geweet dat sy Tant Wonnie vals beskuldig het./onnodig laat verneder het. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*<br>*Die dele tussen hakies verdien nie punte nie; slegs die redes verdien punte.* | <br><br><br><br><br><br><br>1<br><br><br>1 |
| 15.10 | Die tema van onskuldige lyding √<br><br>Kaaitjie word onskuldig verdink van 'n verhouding met haar werkgewer se man. √<br>Sy is onregverdig in die tronk gestop./as gevolg van haglike (onregverdige) tronkomstandighede sterf Kaaitjie met die geboorte van haar kind. √ | 1<br><br><br><br>2 |
| 15.11 | Sus Bet gee aan 'n vreemde oom 'n vyfpondnoot nadat hy werk by Stoffel Jones kom soek./weggejaag is. √<br>Sy deel haar kennis van kruie. √<br><br>**EN**<br><br>Tant Wonnie betaal die Septembers se rygeleentheid./<br>Tant Wonnie laat almal wat wil, toe om water uit die put te skep./<br>Tant Wonnie deel haar medisyne/wilde knoffel-in-kasterolie met ander sonder om betaling te verwag. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br><br>2<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **[25]** |

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

**VRAAG 16: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Geld speel 'n belangrike rol in Greg se ouerhuis; geld/status/bevoorregting is gevolglik vir Greg belangrik. In ruil vir liefde/aandag kry hy geld**./Bl. 52: *"Ietsie ekstra vir jou," sê sy en haal 'n klomp honderdrandnote uit haar handsak. "Ek kry mos sakgeld."*
- **In sy ouerhuis raak Greg gewoond aan prestasiedruk en buitengewone verwagtinge ten opsigte van toekomstige prestasies; dit maak Greg gespanne/negatief/ opstandig**./Bv. bl. 48: *"Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is: "Ruggraat! Kry een!"*/Bl. 48: *Turret Media. My pa se magtige mediamasjien. Sy lewe draai om die plek, en hy reken myne moet ook … Die atmosfeer in die sitkamer was skielik gelaai.*/Bl. 106 : *"Ek verwag uitstekende resultate van jou teen die einde van jou matriekjaar. Ek sal met niks minder as dit tevrede wees nie, hoor jy vir my, Greg."*/Bl. 174: *'En nou's dit jou beurt, boetie!'*
- **John se selfmoord het 'n negatiewe invloed op Greg; dit vervreem hom van sy pa./ laat hom besef dat sy pa net op prestasie ingestel is./laat hom dink prestasie is vir sy pa belangriker as 'n gelukkige kind.**/Bl. 70: *"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie?" "Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê. En in pappa se voetspore kan volg …"*
- **In Greg se ouerhuis was John 'n uitblinker op alle gebiede, gevolglik verwag sy pa dat hy (Greg) nou in John se voetspore moet volg. Dit vervreem hom van sy pa, maak hom opstandig/negatief/ontvanklik vir iets ekstreem soos wat hy saam met John gedoen het – daarom vind hy aanklank by kuberkrakery**./Bv. bl. 68: *Mens kry mos daardie tipe ouens wat goed is in alles wat hulle aanpak. John was so 'n ou. Skool, sport, noem dit maar. Ek dink hy was op 'n manier my hero, maar ook my beste buddy. Ek het gedink dit was omdat hy alles gehad het wat hy nodig het. Maar ek was verkeerd. Iets was steeds missing.*
- **In Greg se ouerhuis is daar nie plek vir emosies nie./bepaal geld en koue feite sukses; met John se begrafnis mag Greg nie huil nie omdat sy pa hom verbied het om te huil**. **Greg is gevolglik afgestomp; hy wys selde emosie**./Bv. bl. 66: *"Jy sal nie!" het my pa my beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is. Nie sy eie nie. Nie die seun van wie hy soveel verwag het nie.*/Bl. 225: *Nou eers kan hy huil. Vir sy pa, en ook vir John.*
- **In Greg se ouerhuis sien hy sy pa se voorbeeld van beheptheid met geld en sukses wat veroorsaak dat hy nie soos sy pa wil wees nie./sy pa met 'n rot vergelyk./John sy held is, nie sy pa nie**./Bv. bl. 73: *En as hy reg is, gaan my toekoms ook soos my pa s'n lyk? Daardie ewige rat race die wêreld vol, om soveel geld as moontlik te kry. Maar die ou wat die rat race wen is steeds 'n rot, is hy nie.*/Bl. 52: *"Ietsie ekstra vir jou," sê sy en haal 'n klomp honderdrandnote uit haar handsak. "Ek kry mos sakgeld.*/Bl. 68: *Ek dink hy was op 'n manier my hero …*
- **In Greg se ouerhuis het hy nie die vryheid om sy eie mening te lug/of te redeneer oor belangrike goed waarmee hy nie saamstem nie./In sy huis geld 'n patriargale stelsel en sy pa se gesag mag nie uitgedaag word nie. Dit maak Greg heimlik opstandig./op die oog af onderdanig./Greg word tot gehoorsaamheid gedwing, al wil hy nie doen wat sy pa van hom verwag nie**./Bv. bl. 106: *Maar ek weet ek moet nie nou sukkel nie. My pa is nie stupid nie. Om te lieg gaan die ding net erger maak. "Moreoggend, Greg … die eerste ding wat jy doen as jy jou voete uit die bed tel, gaan jy na Dok Pienaar toe en jy gaan vra om verskoning vir jou skandelike gedrag. En dan laat staan jy hierdie rebelse houding van jou."*

- **Sy ma se situasie (hartseer oor John/ongelukkigheid in die huwelik/afsydigheid teenoor haar man) by die huis lei daartoe dat sy buitengewone hoop en verwagtinge van Greg koester. In alles wat Greg doen, probeer hy sy ma tevrede stel/ akkommodeer/nie teleurstel nie/nie bydra tot haar ongelukkige situasie nie; want hy wil nie sy ma teleurstel nie omdat sy soveel hoop vir hom het**./Bv. bl. 185: *My hand bewe. My hart ook. Ek wil my ma nie teleurstel nie. Sy het soveel hoop vir my; 'n anderste hoop as my pa.*/Bl. 185: *"Ma moenie vir Pa vertel nie, asseblief. Nie nou nie. Laat ek eers kyk wat ek kan doen." "Greg hulle gaan jou uit die VRL skop. Jou uit die skool skors."*
- **Greg se ouerhuis staan in 'n baie gegoede, gesofistikeerde, maar oppervlakkige ryk-mansbuurt./Sandhurst in Johannesburg-Noord. Greg is altyd bewus van sy bevoor-regting a.g.v. geld./vind plesier in oppervlakkige goed soos sy meisie se aandag./ partytjies**./Bv. bl. 120: *"Ek het nie geweet jy bring my na Hugh Heffner se Playboy Mansion toe nie," sê hy onderlangs.*/Bl. 120: *Glimmende ligte. Stomende musiek. Flikke-rende lywe en gesigte. Die girls sluk almal e.*
- **Lawson Kollege is 'n eksklusiewe skool vir superrykes in die Drakensberg./waar jou plek deur geld en status verseker word**. **Dis 'n plek waar suksesvolle sakemanne vir die toekoms gekweek word – hulle moet soos hul pa's wees. Greg vorm deel van dié uitgelese groep, maar wil nie soos sy pa wees nie./Hy is heimlik in opstand teen sy pa**./Bv. bl. 70: *"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Dis wat hulle hier met ons doen, issit nie?" "Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê. En in pappa se voetspore kan volg,"*/Bl. 73: *"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's," het Eckardt gesê.*
- **Die naam Drakensberg, wat nie van Lawson Kollege losgemaak kan word nie, suggereer onheil deur middel van die geskiedenisgebeure wat daar plaasgevind het, want die name van pieke en stories wat vertel word, dui op gevaar waarvan Greg nie vrygestel is nie; die onheil raak hom intens wanneer hy by Eckardt en kuberkrakery betrokke raak./**Bv. bl. 47: *Terug op Heilige Grond, dink ek daardie dag …*/Bl. 64: *"Eckhardt is nog nie terug nie," sê hy.*/Bl. 47: *… 'n Boerepa en sy seun 'n draak hier gesien het; hoog teen die pieke van die berg tussen die wolke.*
- **Die koshuise by Lawson Kollege is vernoem na wêreldberoemde baanbrekers wat suggereer dat leerlinge by daardie skool in hulle voetspore moet volg./slegs die prestasie hier van belang is. Dit versterk Greg se verset teen reëls en tradisie**./ Bv. bl. 47: *Terug op Heilige Grond.*/Bl. 48: *"Jy moes al lankal. Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is. "Ruggraat! Kry een!"*/ Bl. 49: *"… teelaarde te skep waarin sakeleiers van die toekoms gekweek kan word.*
- **By Lawson Kollege geld bepaalde reëls, tradisies, rituele wat goed gevestig is, maar Greg beskou dit nie as 'n voorreg nie/waardeer niks/se lojaliteit is min./ignoreer tradisies en reëls soos en wanneer iets hom pas, bv. toe hy Eckardt die onder-grondse ritueel spaar./hy verwys disrespekvol na die stigter./Hy praat van hulle pa's se geld wat geërf, verdien of gesteel is./Hy verwys na sakeleiers se korrupsie./ Hy beskou die plek as iets onmensliks wat van kinders klone van hulle pa's maak**./Bv. bl. 49: *… 'n ouballie met die naam Thomas Lawson.*/Bl. 49: *Wat hy nie gesê het nie is dat die "sakeleiers van die toekoms" hulle empires sal moet bou met die geld wat hulle pappies in die verlede geërf, verdien of gesteel het. Reuke van korrupsie wat altyd maar vlak lê …*/Bl. 49 *Maar as jy jou pampoenbril afhaal en realisties na hierdie waglys kyk, sou jy besef dat die meerderheid name daarop nie naastenby kwalifiseer vir die ongeskrewe kriteria wat gestel word nie.*
- **Die ryke geskiedenis en die luukshede/media/rekenaars van Lawson Kollege maak Greg bewus daarvan dat hulle verhewe is./dat sukses die enigste kriteria is – dit maak nie saak hoe jy dit bekom nie./Greg wil eintlik nie daar wees nie; dit maak hom ontvanklik vir verkeerde goed./die ontsnapping na 'n ander wêreld**./Bv. bl. 49: *'n Ryke geskiedenis regverdig mos klasverskille.*/Bl. 49: *"`… 'ongewenste elemente' uit te hou, soos my pa sal sê."*/Bl. 49: *"Ek grinnik elke keer as ek dit sien: koshuise en perdestalle regs."*

| |
|---|
| • **Die koshuise getuig van weelde en luuksheid./hysbakke/yskaste/rekenaars en lugversorging. Daar is soveel luukshede dat dit vervelig raak, daarom is die onderwêreld so aanloklik vir Greg**./Bv. bl. 78: *Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry.*/Bl. 81: *In my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar wat skuins agter die opwinding lê.*<br>• **By Lawson Kollege is rugby 'n baie belangrike sport en om vir die eerste span te speel, plaas jou in 'n eksklusiewe groep. Greg verset hom teen die druk om te presteer ten koste van mense./Hy stem nie saam met die manier waarop Dok Pienaar Eckardt se verdwyning hanteer nie./verset hom daarom openlik teen gesag en weier om die wedstryd te speel**./Bv. bl. 75: *"Dok, met alle respek, ek dink julle steek iets vir ons weg. Ek dink hier is groot fout. En dit is die kollege se plig om iets daaromtrent te doen. Nou! En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."*<br><br>Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. |

**[25]**

**VRAAG 17: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Die feit dat Greg geweier het om in 'n rugbywedstryd te speel./dat hy Dok Pienaar se gesag/besluite/optrede (oor die hantering van Eckardt se verdwyning) bevraagteken/gekritiseer het. √ | 1 |
| 17.2 | 'n Mens verwag dat sy lewe gekenmerk word deur korrekte optrede, maar dis nie waar nie, want hy is self besig met bedrog./omkopery./gemene spel t.w.v. geld./hy behaal self nie sukses/prestasie nie. √<br><br>*Die kandidaat bied twee kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 17.3 | Albei is lief vir aktiwiteite wat in die buitelug/natuur plaasvind.<br>Albei is adrenalienverslaaf.<br>Albei word/is gedruk om te presteer./is moeg vir die druk om te presteer. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Eckardt se oë (het Greg aan John laat dink.)<br>Die kuberkrakery saam met Eckardt (het sy adrenalien laat bruis soos toe hy ekstreme sport saam met John gedoen het.)<br>Die adrenalien wat hy by Eckardt ervaar (tydens kuberkraakaktiwiteite.) √√ | 2<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 17.4 | Nee<br><br>Die afloop van die gebeure vernietig sy gesin./maak sy ma bewus van sy pa se betrokkenheid aan die regter se dood./lei daartoe dat sy pa aangekla (sal) word./<br>Hy ontmasker sy eie pa se rol aan die bedrog en korrupsie van Project Nursery Rhyme./<br>Hy benadeel sy eie beeld deurdat sy skoolwerk agterweë bly./<br>Sy rol as hoofseun/kaptein van die Eerste Span sal seker in gedrang kom./<br>Hy sal moet erken dat hy self korrup/oneerlik/skelm was om by Dok Pienaar se rekenaar uit te kom./by die skool se stelsel ingebreek het./<br>Hy skok die vertroue/respek van die Lawson Kollege-personeel./vriende.<br><br>**OF** | |

| | | |
|---|---|---|
| | Ja<br>Dit is vir hom belangrik om aan te toon dat die skool Eckardt se verdwyning verkeerd hanteer het./<br>Hy wil graag vir Dok Pienaar ontmasker./<br>Hy wil sy verset m.b.t. gesag en prestasiebeheptheid/snobisme demonstreer./<br>Hy is opreg bekommerd oor Eckardt.<br>Hy is reeds deur die onderwêreld van kuberkrakery ingetrek. √√√<br>*Die kandidaat bied enige DRIE soortgelyke antwoorde wat met die konteks verband hou, vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 17.5 | Nee<br>Hy is immers die hoofseun wat omgee/verantwoordelikheid vir ander moet uitleef./<br>Hy het in Eckardt 'n vriend (soos John) gevind wat dit onmoontlik maak om nie by die soektog betrokke te wees nie.<br>**OF**<br>Ja<br>Omdat sy pa van hom uitnemende prestasie verwag, mag hy dit van Greg verwag./<br>Indien sy akademie werklik al sy aandag kry, het hy nie tyd vir ander sake nie./<br>Leerlinge besluit (gewoonlik) nie oor die bestuursake van 'n skool nie./<br>Die skool is ’n plek van gesag – sy pa voed hom op om nie gesagstrukture te bevraagteken nie. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.6.1 | Verset/Opstand teen gesag/reëls (kom redelik algemeen voor.) √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke formulering wat verband hou met "opstand teen gesag" aan.* | 1 |
| 17.6.1 | Verset/Opstand teen gesag/reëls (kom redelik algemeen voor.) √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke formulering wat verband hou met "opstand teen gesag" aan.* | 1 |
| 17.6.2 | Albei verset hulle teen die integriteit van die wetenskap deur die entstof te manipuleer./<br>Albei verset hulle teen die waarheid wanneer hulle vir die gemeenskap oor hulle betrokkenheid by korrupsie/misdaad/die onderwêreld lieg./<br>Albei verset hulle teen gesag deur almal te mislei oor die verdwyning van die regter./ lieg oor die werklike rede vir die regter se verdwyning. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 17.7 | Hy wil wraak neem op sy pa se verdwyning./wil die mense wat by sy pa se verdwyning betrokke was, ontmasker. √ | 1 |
| 17.8 | (White hat:)<br>Hy verander nie sy punte toe hy die geleentheid gehad het nie. √<br>(Black hat:)<br>Hy krap saam met Eckardt op die skool se rekenaarnetwerk./<br>Hy laai 'n RAT op Dok Pienaar se rekenaar./kry inligting van Dok Pienaar se rekenaar./ontsyfer geheime kodes op Dok Pienaar se rekenaar sodat hy die uitklophou kan gee./hy die skurke kan ontmasker. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord by elke aspek vir EEN punt aan.*<br>*Die dele tussen hakies verdien nie punte nie.* | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.9 | Die *social engineering* is Eckardt se wraak op Greg wat in Clarens uitloop op 'n vuisgeveg.√<br><br>Nee<br>Daar kom nie vrede/versoening/'n oplossing tussen Greg en Eckardt nie, want Eckardt verdwyn./<br>Tom/die opsigter trek Greg van Eckardt af terwyl die geveg aan die gang is./hy hom op die grond vaspen sonder dat hulle vrede maak.<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die verband vir EEN punt aanbied.*<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Die seuns verdwyn uit mekaar se lewe./sal mekaar nooit weer sien nie./<br>Eckardt het in sy doel geslaag wat verdere konflik onnodig maak. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.10 | Die vertellersperspektief verander (van 'n ek-verteller) na 'n alomteenwoordige verteller toe./<br>Dié gebeure het reeds in die verlede afgespeel./is nie iets wat in die hede afspeel nie./<br>Die ek-verteller/Greg was nie daar teenwoordig nie./<br>Die rede vir Eckardt se wraak/haat word gesuggereer./<br>Dis 'n terugflits na Eckardt se pa se selfdoodpoging wat Eckardt se motivering is vir die *social engineering attack*. √√<br><br>Greg dink Eckardt is 'n goeie vriend./<br>Greg word gestraf vir iets waaraan hy nie aandadig was/is nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 2<br><br><br><br>1 |
| 17.11 | Gespannenheid/Vyandigheid √<br><br>In TEKS G is Greg in konfrontasie met sy pa./ervaar Greg uiterlike en innerlike konflik a.g.v. sy pa se woorde – daarom is daar spanning. √<br>In TEKS H openbaar Eckardt hom as Greg se vyand./ontnugter hy vir Greg./is daar uiterlike konflik. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

### VRAAG 18: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Map Jacobs is, soos die gemeenskap waarvan hy 'n deel is, as gevolg van die apartheidswetgewing van Distrik 6 na die Kaapse Vlakte verskuif – op die Kaapse Vlakte kry Map (ten spyte van 'n matrieksertifikaat) nie werk nie, want al die werk word vir wit mense gereserveer; hy kan nie sy omstandighede verbeter nie. Hy is vas**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien … en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only …*
- **Omstandighede op die Kaapse Vlakte word gekenmerk deur ellende./armoede./uitsigloosheid**. **Map-hulle is arm, wat beteken dat hy ook nie elders 'n heenkome kan gaan soek nie, hy kan nie sy omstandighede ontsnap nie**./Bv. bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso ónner die bread-line …*
- **As gevolg van die negatiewe atmosfeer in die township ervaar die inwoners 'n identiteitloosheid**. **Map wil ook iewers behoort, gevolglik raak hy by bendes betrokke./word vasgevang in die ysterkloue van misdaad wat hom beslis nie bevry nie, maar verder inperk wanneer hy na 'n letterlike tronk toe gaan**./Bl. 35: *Ek het vi' Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie … Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it … soes 'n man te vat …*
- **Map is onder die apartheidsregering, as 'n lid van die bruin gemeenskap, uitgelewer aan minderwaardige werk**. **Map kan slegs 'n bode word, want alle ander werk word gereserveer vir wit mense, gevolglik is Map eintlik in 'n doodloopstraat vasgevang, 'n gevangenis waaraan hy nie kan ontsnap nie**./Bv. bl. 31: *MAP*: *Ek het matriek gemaak, standerd tien … en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only …*
- **Map se sosio-ekonomiese omstandighede maak ook van hom 'n gevangene./iemand wat nie geld het om die omstandighede en/of plek waarvan hulle deel is, te verander nie**; **armoede perk Map in, daarom is Map vasgevang in 'n siklus waaruit hy nie kan loskom nie**./ Bv. bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso ónner die bread-line …*/Bl. 50: *Kamma yt die tronk yt. Na dit toe. (Hy wys, bars dan uit van die lag.)*
- **Misdaad is vir die inwoners van die township/gemeenskap waarvan Map deel is, 'n werklikheid**. **Sy sussie word doodgemaak en sy ma is stom as gevolg van verkragting. Map se lewe is vasgevang in die stigma/reputasie wat hy self as bendelid opgebou het**./Bv. bl. 23: *CAVERNELIS*: *… Hy's 'n … 'n misdadiger …*/Bl. 46: *Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie!*
- **Nadat Map uit die letterlike tronk op parool vrygelaat word, verbeter sy omstandighede nie./veroorsaak sy reputasie dat mense hom beskinder/vrees/vermy, aangesien hulle dink dat hy steeds sal maak en breek soos vóór sy tronklewe. Dit veroorsaak dat hy hom steeds in 'n soort figuurlike tronk bevind, want hy kan nie regtig kom en gaan soos hy wil nie./Die gemeenskap het hom nog nie vergewe vir sy dade nie./hy word plek in die orkes geweier**./Bv. bl. 7: *RICHIE*: *Wat gaat hy doen? 'n Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? … Ek sê vi' jou, hy maak vi' julle ammal vrek, van vóór af!*/Bl. 46:

*Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle … even hulle net so, dieselde … Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af.*/Bl. 46: *Hulle vat jou nie so nie! Hulle accept jou nie so nie!*

- **Map se omstandighede verbeter nie nadat hy op parool vrygelaat is nie; sy reputasie as misdadiger/tronkvoël veroorsaak dat werkgewers nie geneë is om hom as werker aan te stel nie: Hy kan nie 'n inkomste genereer nie, gevolglik kan hy nie sy omstandighede/lewe beter maak nie. So dra sy reputasie as moordenaar by om hom steeds in 'n figuurlike tronk te hou**. Bv. bl. 7: *RICHIE*: *Wat gaat hy doen? 'n Changed man? Map Jacobs, 'n changed man? … Ek sê vi' jou, hy maak vi' julle ammal vrek, van vóór af!*/Bl. 46: *Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle … even hulle net so, dieselde … Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs* af/Bl. 23: *CAVERNELIS*: *… Hy's 'n … 'n misdadiger …*
- **Cavernelis se omstandighede is sodanig dat hy in 'n woonstel, in 'n omgewing waar alles agter slot en grendel gehou moet word, woon**. **Selfs die fiets moet voor sy woonstel vasgeketting word, want misdaad op die Kaapse Vlakte is 'n realiteit waarmee die inwoners moet rekening hou – dit maak ook van Cavernelis (en sy gesin) gevangenes van hulle omstandighede**./Bv. bl. 1: *Hy sluit die fiets en ketting dit aan die traliewerk.*/Bl. 2: *But you don't stand a bloody chance, man, I tell you …*
- **Armoede/swak werksomstandighede/diskriminasie kenmerk Cavernelis se omstandighede op die Kaapse Vlakte – in hierdie Kaapse Vlakte-milieu is hulle op figuurlike vlak vasgevang**./Bv. bl. 50: *Never mind lat julle nie amenities en facilities in die township het nie! Dááis group areas legislation, mister Cavernelis. Group areas, ha! More like prisons, big bloody prisons!*/ bl. 50: *En hulle move nooit op nie! Liewerste ónner toe! Kyk, jy word hierso gebore onder die bread-line … en jy vrek hierso ónner die bread-line …*/Bl. 50: *Best of luck to you, mister Cavernelis. Jy maak geld om hierso yt te briek. Best of luck. Maar 'is 'n sterk tronk dié. Kyk die tralies!*
- **Die gemeenskap waarin Cavernelis woon/werk, aanvaar hulle sosio-ekonomiese omstandighede gelate, maar Cavernelis nie. Cavernelis se strewe na beter omstandighede/'n ander heenkome dryf hom om harder te werk./Cavernelis erken teenoor La Guma dat hulle in die township vasgevang is, want in die township leef hulle in armoede en kan daarvan nie ontsnap nie**./Bv. bl. 49: *En ons woon nie in 'n koophuis nie, maar in 'n huurhuis, en die munisipaliteit laat jou nie sommer toe om enigiets in die huis te doen nie …*/Bl. 50: *Dis hoekom ek en Maudie en Blanchie hierso wil weg!*
- **In Cavernelis se omstandighede van uitsigloosheid/minderwaardige werk/armoede word die droom om weg te kom so allesoorheersend dat hy sy dogter opoffer in die hoop dat dit genoeg geld sal bring om vir hulle vryheid buite die woongebied te koop. Dit realiseer nooit, want Cavernelis besef sy skuld aan Blanchie se uitbuiting en pleeg selfmoord. Vir Cavernelis kom daar dus ook nooit die vreugde van vryheid/'n ander soort lewe nie**./Bv. bl. 1: *Hy't net een ding op sy mind, soes 'n obsession, 'n obsession.*/Bl. 18: *Beauty competitions, like vi' Blanchie … en dan kry sy mos so-called contracts … Modelling, like!*/Bl. 55: *Dis alles Daddy se skuld!*
- **Die gemeenskap waarbinne Cavernelis leef en werk het nie waardering vir sy strewe na beter nie/het nie waardering vir sy voortdurende werk nie. Dit isoleer hom van die ander inwoners op die Kaapse Vlakte./Hy het nie vriende nie/slegs mense wat hom koggel/bespot omdat hy dink dat hulle beter is as die ander inwoners./hy dink hy kan sy gesin na 'n beter plek neem. Hierdie isolering wat hy ervaar, is niks anders as 'n figuurlike tronk nie**./Bv. bl. 16: *Betere mense kamma as ons!*/Bl. 22: *Jy en die missies (wys boontoe), julle wil vir julle ytkoep hierso yt die township yt. Julle spaar vir 'n plotjie grond en 'n hys, somewhere else. In 'n decent coloured area.*
- **Cavernelis ontsnap op 'n ironiese wyse sy figuurlike tronk deur selfmoord te pleeg**, **maar die waarheid is dat hy deur skuldgevoel daartoe gedryf word; hy is dus steeds nie in die ware sin van die woord vry nie**./Bv. bl. 55: *Dis alles Daddy se skuld!*/Bl. 55: *Ek het maar net my beste … geprobeer … al die jare … vir julle … ek mien, vir 'n ordentlike plek van ons eie …*/Bl. 61: *By die crossing, toe kom die trein … toe stop ek, ek dink toe mister C gaan oek … ek mien stop …*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**

## VRAAG 19: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 19.1 | Hy het Ivan Philander/'n bendelid/iemand doodgemaak./Moord √<br><br>Johnnie is die naam wat sy ma vir hom gebruik./<br>Dit dui op die verandering/vergifnis wat Map in die tronk ondergaan. √ | 1<br><br><br>1 |
| 19.2. | Ja<br>Hy is bekommerd oor haar, want sy ma het na die verkragting/sy sussie se dood haar spraak verloor./is getraumatiseer./<br>Hy bly nie by haar in die huis nie wat dit geloofwaardig maak om na haar welstand uit te vra. √ | 1 |
| 19.3 | Haar pa keur nie die verhouding met Johnnie/Map goed nie./het haar verbied om hom te besoek./<br>Sy het aanbeweeg met haar lewe./maak geld uit skoonheidskompetisies/masseer-salonne wat haar tyd in beslag neem./<br>Sy voel (dalk) skuldig/skaam oor haar keuses. √ | 1 |
| 19.4 | Die getal "sewe" simboliseer die volmaakte getal wat daarop dui dat Map sy sewe jaar tronkstraf afsluit./dat Map vergifnis vir sy dade ontvang./sy straf uitgedien het./dat hy die sonde oorwin het. √<br><br>Ja<br>Die getal “sewe” dui aan dat hy sy straf uitgedien het./<br>Hy ontvang sy Kersgeskenk met sy parool./Dit ondersteun/sluit aan by die titel van die drama. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 19.5 | Die leser/karakters/regisseur kry leiding ten opsigte van Antie Grootmeisie se emosies/ reaksies. √<br><br>Ja.<br>Die toneelaanwysings versterk die gevoel van spanning in die gedeelte, (want die leser wonder waarom sy nie kan praat nie.)/<br>Dit wek deernis by die leser/kyker vir Map./Antie Grootmeisie./<br>Dit beklemtoon Map se skuldgevoel oor sy ma se toestand. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan*. | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 19.6 | Hy is jammer dat hy die oorsaak is dat sy ma/Kleinmeisie verkrag is. /<br>Hy is jammer dat sy ma haar spraak verloor het./sy suster haar lewe verloor het./<br>Hy is jammer dat sy bendebedrywighede die oorsaak van sy ma se verkragting/ Kleinmeisie se dood is. √√ | 2 |
| 19.7 | Opgewondenheid/blymoedigheid/afwagting √<br><br>Map/Antie Grootmeisie/Albei is opgewonde oor die vooruitsig van sy vroeë parool./ dat hy vroeër vrygelaat gaan word./<br>Die positiewe nuus van sy parool skep 'n soort opwinding./blydskap./afwagting.<br>Die nuus van Map se parool dra by tot afwagting omdat Map haar bly verseker dat hy verander het./nie dieselfde mens is wat sewe jaar vroeër tronk toe gestuur is nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan*. | 1<br><br><br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 19.8 | Die mededeling dat hy (op die sewende) op parool vrygelaat word. √<br><br>Die leser/kyker wonder onmiddellik of Johnnie/Map sal terugkeer na sy ou weë van bendes./roof./geweld wat die spanning verhoog. √<br>Die leser/kyker wonder wat sy reaksie teenoor Blanchie/Cavernelis sal wees wanneer hy uitvind dat sy 'n aborsie gehad het./deur wit mans misbruik is. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br>2 |
| 19.9 | Sy beheptheid met fiksheid. √<br>Hy praat aanhoudend oor 'n beter lewe/die politieke situasie, (maar self doen hy niks om iets te verbeter nie.) √ | 2 |
| 19.10 | Map/Johnnie √ | 1 |
| 19.11 | Mense soek na/het 'n behoefte aan erkenning./identiteit. √ | 1 |
| 19.12 | Cavernelis verbied Blanchie om iets met Map/Johnnie te make te hê.<br>Cyril sê dat Cavernelis met niemand meng nie.<br>Hulle woonstel is hoog bo die ander se huise gebou; hulle sien letterlik neer op die ander mense in die township.<br>Maud kom glad nie uit die woonstel nie./praat net vanuit die woonstelvenster met die mense in die straat. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>Nee<br>Cavernelis se eie lewe was nie verhewe bo die ander inwoners se lewe nie./<br>Wanneer alle mense in dieselfde bootjie van swaarkry/armoede/uitsigloosheid verkeer, is so 'n gesindheid destruktief./verwyder dit mense van mekaar./skep dit onmin tussen mense in dieselfde woonbuurt.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Die Cavernelis-gesin wat bo hulle omstandighede wil uitstyg/vir die gesin 'n beter lewe wil verseker/streef na 'n beter leefwyse is bewonderenswaardig./<br>Die Cavernelis-gesin het die reg om self te besluit met wie hulle wil assosieer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

## *MIS* – Reza de Wet

## VRAAG 20: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan.

- **Miem word deur die nagevolge van die Groot Depressie tot haar huis beperk – sonder enige vorm van vryheid – omdat sy die broodwinner is wat moet sorg dat sy en Meisie oorleef./sy daagliks sakke met mis voorberei vir verkoop**./Bv. bl. 6: *Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*
- **Miem is 'n getroude vrou, maar is alleen; haar seksuele frustrasie maak van haar 'n gevangene: aangesien haar man hom aan die wêreld onttrek het om op die solder van die huis te leef, is Miem reeds vir sewe jaar alleen. Gabriël moet egter daagliks versorg word wat Miem dwing om by die huis te bly – 'n soort gevangenisskap waaraan sy niks kan verander nie**. **Dit blyk uit haar ontboeseming teenoor Konstabel**./Bv. bl. 37: *Dit is vir my 'n groot beproewing.*/Bl. 47: *Dit is so lank laas … lank laas … dat 'n man vir my goeienag gesê het. (Huil)*
- **Op 31 Augustus 1936 word Miem ook deur die sirkus wat die dorp besoek, in haar huis gevange gehou: die vensters en die deure mag nie oopgemaak word nie omdat die sirkus alles wat boos/sleg/'n euwel is, verteenwoordig**./Bv. bl. 6: *Vannag moet 'n mens jou ore ophou. En jou oë. Die gevaar is oral.*/Bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*/Bl. 9: *Maak toe die deur en sluit dit.*
- **Omdat Miem 'n ouerige vrou is met allerhande gesondheidsprobleme (water op die knieë), word haar beweging aan bande gelê. Dit beteken dat sy nie kan kom en gaan soos sy wil nie – figuurlik ook 'n mate van gevangenisskap**./Bv. bl. 4: *Sug, tel haar voet op en laat dit op 'n stoel rus.*/Bl. 22: *Suikersiekte en water op die knieë.*
- **Miem is 'n konserwatiewe mens met 'n oordrewe eng/Calvinistiese lewensbenadering: dit hou haar gevange/maak haar blind vir die werklike bose/beïnvloed haar verhouding met haar dogter negatief: sy sien in die sirkus/-musiek/-liggies boosheid en gevaar – dit verhoed haar om die lewe buite die huis te geniet en sirkus toe te gaan. Sy vra eerder vir Gertie uit oor die fratse hoewel sy die indruk skep dat sy geskok is oor Gertie se besoek**./Bv. bl. 7: *Dis 'n euwel!*/Bl. 11: *Maar, Gertie, hoe kon jy soontoe gaan?*
- **Op 31 Augustus 1936 hou Miem se naïwiteit ten opsigte van die moordenaar/haar neurose met betrekking tot die bose/onheil/die euwels buite die huis haar gevange binne-in die huis**, **wat op figuurlike vlak van haar 'n gevangene maak. Sy sluit hulle binne-in die huis toe asof sy so die bose kan besweer, maar sy perk net hulle vryheid in. Dis so erg dat hulle nie eers die vensters mag oopmaak nie**./Bv. bl. 5: *Slotte en grendels. Luike toegespyker.*/Bl. 15: *Maar vannag moet 'n mens versigtig wees.*
- **Miem is vals/skynheilig – haar valsheid maak eintlik ook van haar 'n gevangene, want sy mag nie erken dat sy eintlik in die sirkus belangstel/net so nuuskierig is oor die sirkus nie. Dit sal haar beeld van 'n vroom, eng, Calvinistiese ma skaad. Hierdie valsheid hou haar ook gevange en verhoed haar om die klein vreugdes/ opwinding/stukkies lewe buite die huis te geniet**./Bv. bl. 7: *Dis 'n euwel!*/Bl. 11: *Maar, Gertie, hoe kon jy soontoe gaan?*/Bl. 11: *Nou vertel vir ons van die arme skepsels, Gertie.*
- **Miem tree in die drama op as Meisie se bewaker – sy probeer die bose besweer en terselfdertyd probeer sy voorkom dat Meisie deur die euwels/boosheid van die wêreld beïnvloed word**. **Die gevolg is dat sy Meisie behoorlik soos 'n polisieman oppas./telkens verseker dat niks met haar sal gebeur nie. Uiteraard lei dit daartoe dat Miem geen vryheid het nie**./Bv. bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*/Bl. 5: *Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak.*

- **Die hulp wat Meisie aan haar ma moet gee t.o.v. skoonmaak van die huis/maak van sakke vir die verpakking van mis/haar pa se versorging/skoonmaak van die slopemmer maak haar 'n gevangene in haar eie huis, want sy mag nooit die weelde van vryheid buite die huis ervaar nie./mag nooit iets doen wat vir jongmense lekker is nie./sy moet net altyd werk**./Bv. bl. 6: *Die skêr is al weer stomp, Meisie, jy moet dit slyp. Meestal beesmis. So dertig perdemis en tien vark. Ja, ons doen goed die maand.*/Bl. 22: *Haar man. Sewe jaar gelede het hy mos opgegaan. Ja, net na die Depressie. Sy moet hom hand en mond bedien maar hy sê geen dooie woord nie.*
- **Die finansiële nood wat Meisie-hulle ervaar, beperk haar om iets anders te doen/dwing haar om daagliks sakke vir die misverkope te maak/vereis van haar om heeldag skoon te maak en die huis te vee/af te stof wat van haar eie huis 'n soort gevangenis maak**./ Bv. bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis … Maar dit stink!*/Bl. 26: *En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie … Laas jaar het Danie Venter kom kuier …*/Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol sto*f.
- **Meisie is die enigste kind in die gesin/'n jongmens wat 'n eensame bestaan voer omdat sy nie vriende het nie./nie gemoedelik met haar ma kan omgaan nie./niemand by haar wil kom kuier nie a.g.v. die mis (wat sleg ruik)./sy aanhoudend moet werk**./Bv. bl. 26: *Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis … Maar dit stink!*/Bl. 26: *En dis hoekom … niemand wil kom kuier nie …*
- **Meisie word gedomineer deur 'n baasspelerige ma./'n neurotiese ma wat haar siektetoestand misbruik om Meisie tot gehoorsaamheid te manipuleer./ma wat in alles wat opwindend/nuut/anders is, boosheid/'n gevaar sien./'n ma met 'n oordrewe eng/ konserwatiewe lewensbenadering./'n moeilike ma wat haar van 'n doodgewone jongmenslewe/avontuur/vryheid/individualiteit/identiteit weerhou. Daarom voer Meisie 'n ingeperkte, benouende bestaan – sy leef vir alle praktiese doeleindes binne-in 'n tronk; sy word tot absolute gehoorsaamheid gemanipuleer deur haar ma wat haar voortdurend herinner aan die gevolge van haar ongehoorsaamheid, nl. dat haar ma siek word**./Bv. bl. 7: *Destyds het jou gehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet.*/Bl. 28: *Nee! Ek mag nie daaroor praat nie. Ek mag nie daaraan dink nie. Om te dink, is om te doen.*
- **Meisie word nooit toegelaat om gewone jongmensdinge te doen nie./mag nie die sirkus besoek nie./moet haar ma se opdragte gehoorsaam uitvoer. Hoewel dit haar in verset/opstand bring, mag sy nie haar ontevredenheid wys/daaroor praat nie, want haar ma eis van haar blinde gehoorsaamheid. Dit is te verstane dat Meisie sulke omstandighede soos 'n tronk sal ervaar: wanneer sy wegloop sirkus toe, kom haal haar ma haar./ongehoorsaam is, manipuleer haar ma haar tot gehoorsaamheid deur haar siekte te oordryf./altyd daarop te hamer**./Bv. bl. 7: *Destyds het jou gehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was. Ek kon vir twee weke net gortsop eet!*/Bl. 7: *Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!*/Bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*
- **Die gevaar wat op 31 Augustus 1936 buite die huis dreig, maak van Meisie eintlik ook 'n soort gevangene, want alles is toegesluit./haar ma pas elke beweging wat sy maak op./hou haar met valkoë dop**./Bv. bl. 15: *… maar vannag moet 'n mens versigtig wees.*/ Bl. 5: *Slotte en grendels. Luike toegespyker.*
- **Meisie is emosioneel nie vry om uiting te gee aan haar wense/begeertes/ frustrasies/behoeftes nie, want haar ma ervaar elke vorm van teenkanting/reaksie as ontevredenheid en ongehoorsaamheid. Hierdie opkrop van emosies beperk Meisie in haar vryheid en hou haar figuurlik gevange**./Bv. bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.*/Bl. 13: *So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*
- **Meisie word tot 'n groot mate deur haar ma binne-in die huis gevange gehou wanneer sy haar verbied om selfs na die sirkusmusiek te luister en/of na die sirkusliggies te kyk**./ Bv. bl. 7: *En vir wat loer jy deur die gordyne?*/Bl. 9: *Maak toe die deur en sluit dit.*

Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. **[25]**

## VRAAG 21: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 21.1 | Die gevaar/moordenaar/verkragter wat buite die huis skuil./jong meisies ontvoer./ jong meisies op 31 Augustus 1936 bedreig. √ | 1 |
| 21.2 | Hoewel hy blind is, het hy geruik die hond het 'n stomp stert./<br>'n Blinde konstabel beskerm weerlose vroue./<br>Hy sê/vertel dat die son sy oë uitgeskroei het./<br>Hy ruik hoe oud die vrouens is./<br>Teen middernag kan hy skielik sien./<br>Hy transformeer van 'n konstabel na 'n hofnar toe dit middernag is. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 21.3 | Sy kyk na die sirkusliggies buite./wil graag die sirkus gaan besoek./smag na vryheid buite die huis. √<br><br>Haar reaksie bevestig die omstandighede (negatief/onaangenaam/beperkend) wat Meisie se lewe kenmerk. √<br>Dit verhoog die spanning./beklemtoon dat daar gevaar buite dreig./suggereer dat Meisie die een is wat haar gevangeneskap gaan ontvlug deur te verdwyn. √ | 1<br><br><br>2 |
| 21.4.1 | Perde-/bees-/varkmis/Dieremis (in die sakke) sluit aan by *Mis*. √ | 1 |
| 21.4.2 | Dis 1936/Depressiejare./Daar heers groot armoede./Hulle het uitgeboer a.g.v. die droogte./Depressie. √<br>Gabriël, Miem se man, kruip op die solder weg./By gebrek aan 'n man moet die vrouens hard werk om te oorleef. √<br>Plaaslike boere verskaf aan hulle die mis om te verkoop. √ | 3 |
| 21.5 | Hy wil die vroue so bang maak/manipuleer.<br>Hy probeer verseker dat hulle hom in die huis vertrou./toelaat./in hom 'n beskermer sien. √<br><br>Ja<br>Hulle vertrou hom sodanig dat hulle hulle diepste behoeftes aan hom openbaar./ √<br>Die ouer vroue gaan slaap terwyl Meisie ongehinderd kan uitglip./Meisie kry die geleentheid om ongehinderd saam met hom die huis te verlaat. √ | 2<br><br><br>2 |
| 21.6 | Ja<br><br>Hy wil vertroue inboesem (dat die vroue by hom veilig is)./<br>Hy wil die indruk skep dat hy in beheer is.<br>Hy "glimlag" by voorbaat omdat hy aan sy slinkse plan, om Meisie saam met hom te neem, dink. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 21.7 | Miem het hom (aanvanklik) weggejaag./Hy het Gabriël verdag gemaak./was agter-dogtig oor Gabriël./het gesuggereer dat Gabriël dalk die moordenaar is. √ | 1 |
| 21.8 | Hy is geslepe./listig./manipulerend./vals. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 21.9 | Terwyl Miem die Konstabel weer begin glo/vertrou, is hy die groot gevaar./die een wat juis nie vertrou behoort te word nie. √<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.*<br><br>Die Konstabel is die persoon/moordenaar/verkragter/ontvoerder wat spesiaal gekom het om Meisie saam met hom weg te neem. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 21.10 | Die verdwyning van Rienie en Sannie/twee jong meisies gedurende die vorige twee jare. √<br><br>Hy gee te kenne dat hy die verdwynings ondersoek terwyl hy die persoon is wat die meisies laat verdwyn. √<br><br>*Die kandidaat bied twee kante aan, nl. die verkeerde indruk en die bedrog.* | 1<br><br>1 |
| 21.11 | Ja<br>In TEKS K dui Meisie se handeling op haar wens om die sirkus/eksotiese/ avontuur/lewe buite die huis te ervaar, wat aansluit by die tema van bevryding./<br>Meisie dui in TEKS L haar opstand/verset teen haar ma se ongenaakbare/outoritêre aard aan deur nie 'n vingerhoed te gebruik nie – dit ondersteun die tema van bevryding. √<br>Meisie word in TEKS L die simboliese prinses (soos in die kindersprokie) wat wag op 'n prins wat haar sal kom wegvoer. √<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kry vir TEKS K se korrekte verwysing EEN punt en vir TEKS L se korrekte verwysing EEN punt.*<br><br>Sy word van haar ma se manipulering/die armoedige ellende van haar huis/die harde werk om daagliks skoon te maak/stank van mis/die versorging van haar pa/'n identiteitlose bestaan bevry. √ | 1<br><br>1<br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

Kopiereg voorbehou

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou